

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 16, No. 4

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2016 *Tomorrow's World*-tydskrif



## *Persoonlik*

*Deur Richard F Ames, Redaksionele Direkteur*

## Reageer u op Jesus Christus?

Ek vertrou dat teen die tyd wat u hierdie tydskrif lees, die meeste van u reeds die spesiale “halfjaarlikse” brief van ons Hoofredakteur, dr. Roderick C. Meredith ontvang het. Hy skryf tweemaal per jaar aan die intekenaars van die *Wêreld van Môre* van spesiale nuus oor die “werk agter die skerms”. Hy skryf ook oor wat die lewende Jesus Christus besig is om vandag in die wêreld te doen namate ons die einde van hierdie huidige tydvak nader. Ten spyte van vele sataniese aanvalle op lankgekoesterde Bybelse waardes, kan ware Christene lojaal en getrou aan hulle Verlosser bly deur met liefde en gehoorsaamheid te reageer op wat deur die gawe van die Heilige Gees moontlik gemaak word. Jesus verklaar in Johannes 10:27: “My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.”

In sy halfjaarlikse brief aan die *Wêreld van Môre*-intekenaars bied dr. Meredith 'n spesiale gratis DVD aan met die titel “*Escape the Great Tribulation*” – 'n samestelling van drie van ons heel beste *Tomorrow's World* beeldsendings. Indien u nog nie die versoekvorm wat saam met die brief gekom het teruggestuur het nie, moedig ek u aan om dit sommer nou te doen. Reageer op dit wat Jesus Christus deesdae deur Sy Kerk en Sy Werk doen!

### **Kyk op na u Verlosser!**

Op wie vertrou u vir leiding in u lewe? U Bybel gee aan ons inspirerende beloftes wat u behoort op te eis en te vertrou. Jesus het aan ons hierdie bemoedigende belofte gegee: “Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld” (Matthéüs 28:20). God die Almagtige gee aan ons hierdie belofte in Hebreërs 13:5: “Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.”

Natuurlik wil ons Vader in die hemel hê dat ons in elke opsig ontvanklik vir Jesus Christus, ons Verlosser sal wees. Wat vra Christus van ons, Sy volgelinge? Hy sê: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:36). Wanneer ons na die wydverspreide boosheid en verwarring in die wêreld rondom ons kyk, mag dit sommige mense tot depressie, wanhoop en moedeloosheid dryf. Menslik gesproke lyk dit asof daar geen oplossing vir die eeue-oue probleem van oorlog, gierigheid en die menslike natuur is nie. Ons as Christene weet egter dat die ware antwoord nie menslik van aard is nie! Slegs die Wederkoms van Jesus Christus, die toekomstige Koning wat die Koninkryk van God hier op die planeet Aarde sal vestig, sal die mensdom van totale selfvernietiging red. Omdat ons as Christene daardie hoop het, kan ons

moedeloosheid vermy. God het aan ons hoop, bemoediging en praktiese maniere gegee om op ons Christelike verantwoordelikhede gefokus te bly. Om meer hieroor te wete te kom kan u gerus my artikel, "Sewe sleutels vir gemoedsrus", elders in hierdie uitgawe lees.

Vir diegene wat nie werklik ontvanklik vir Jesus Christus is nie, verval ons huidige wêreld al hoe meer in volslae boosheid, met die wydverspreide en bewuste verwerping van alles wat eens as heilig beskou was deur diegene wat Christus bely het. Ons Hoofredakteur, dr. Roderick C. Meredith, het 'n treffende artikel geskryf waarin hy die maniere beskryf waarop Satan probeer om hierdie wêreld te mislei. Lees sy insiggewende artikel, "Satan se alternatiewe heelal", elders in hierdie tydskrif en u sal beter insig verkry van hoe belangrik dit is dat ons Satan weerstaan en ontvanklik vir Jesus Christus bly.

Onthou my vriende, daardie "ontvanklikheid" is 'n "twee-rigting straat". Indien ons op ons Verlosser reageer, belooft Hy om op ons te reageer. Christus is ons Hoëpriester, gretig om namens ons by Sy Vader in te tree (Hebreërs 7:25). Een manier waarop God op die gebede van sy dienaars reageer, is deur genesing. Natuurlik sal alle Christene uiteindelik "genees" wees wanneer hulle weer as onsterflike geestelike wesens in die Gesin van God gebore word.

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik – Reageer u op Jesus Christus?

Mr. Richard F. Ames se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Satan se alternatiewe heelal 3

Die duiwel en sy demone dis 'n vreemde wêreld op waar goed sleg en sleg goed is. Sal u Satan se leuens verwerp of sal u die slagoffer van sy misleidings word?

#### Die man wat Kanada gekarteer het 8

#### Sewe sleutels vir gemoedsrus 10

Ten spyte van so baie uitdagings en spanning rondom ons kan ons gerusgestel word deur die gebruik van die nodige gereedskap wat God aan ons gegee het om vertroosting en vreugde te vind, selfs in tye van benoudheid.

#### Waarom genees God? 14

Ons weet dat God goddelike genesing kan bewerkstellig, maar verstaan ons wat Hy doen wanneer Hy genees en waarom?

#### 'n Belofte van rus 18

#### Die werke van Sy hande 19

#### Londen roep 21

Was Malthus verkeerd?

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde 23

#### Keerpunte in wêreldgeskiedenis 24

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

John Robinson

### Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada, Europa)

### Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

### Streekskantore

#### VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

#### KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Satan se alternatiewe heelal

Deur Roderick C. Meredith

*Lank gelede het die aartsengel Lucifer in opstand gekom waarna hy Satan, die “teëstander” van God geword het. Hierdie bose wese het sedertdien hard gewerk om God se skepping te vernietig waar hy ookal kon. Hy wil hê dat u sy leuens aanvaar asof dit die werklikheid is. Sal u die slagoffer van sy bose planne vir u vernietiging word?*

Baie min mense verstaan die belangrikheid van die *groot* verandering wat in ons samelewing aan die gang is. Sedert die tyd van Sodom en Gomorra was mense oor die algemeen nog nooit op so baie maniere verward nie. Dit is *veral* nou sigbaar met die enorme *misbruik* van tegnologie. Deur die verkryging van byna *algehele* beheer oor die media, is die einste Satan die duiwel in staat om die denke, gesindhede en optredes van *miljoene* mense, *veral* van die jonger geslag, te “manipuleer”.

Ons wat nou fisies ouer is en deur *swaarkry* baie lewenslesse moes leer, behoort al te *geleer* het, om **nie** met die stroom saam te gaan en ons te laat meesleur met die nuutste sosiologiese en sielkundige kinkels en draaie wat deur Satan die duiwel ge-orkestree word nie. Ons het, moontlik deur dekades heen, gevind dat baie van hierdie idees eenvoudig *nie werk nie!* Wanneer 'n verwarde jong radio- of TV-omroeper die voorbereide teks lees wat sê dat mense se burgerregte geskend word wanneer afwykende jong manne hulleself nie as *jong dames* kan “verklaar” en sodoende daarin

slaag om dames se ruskamers en storte te gebruik nie – saam met ons jong dogters en eggenotes – raak ons **ontsteld** omdat ons weet en intens **verstaan** dat hierdie idees **heeltemal verkeerd** is. Dit “werk eenvoudig nie” en **sal nie** goeie resultate tot gevolg hê nie!

Namate *miljoene* meer jong mense onder die invloed van Satan die duiwel in so baie van hierdie “moderne” situasies geplaas word, is dit duidelik dat Satan deegliker as ooit beheer oor elke aspek van ons samelewing verkry as gevolg van die *deurdringende aard* van ons **media**. Satan kan mense letterlik met hierdie verkeerde idees “bombardeer” deur middel van televisie, radio, koerante, die Internet en baie ander vorms van die media, waarop baie mense *verskeie kere per dag* “ingeskakel” is.

Die Almagtige God het geweet dat dit sou gebeur. Hy het dus reguit aan die vroeë Christene verduidelik hoe hulle “tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die **gees** wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” (Efésiërs 2:2).

Die Bybel maak dit duidelik dat Satan die duiwel 'n magtige engel was wat teen die Skepper in **opstand** gekom het en nou deur God toegelaat word om “die god van hierdie wêreld” te wees, wat “die sinne **verblind** het sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korinthiërs 4:3-4).

Die ware Seun van God, Jesus Christus, wat *ten volle* besef het dat Hy en die Vader nietemin vir Satan “toegelaat” het om eers in daardie amp aan te bly, het kort voordat Hy gesterf het aan Sy dissipels gesê: “Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die **owerste** van hierdie wêreld kom, en het aan My **niks** nie” (Johannes 14:30). Ten einde die mensdom tot die besef te bring van *hoe ver* ons sonder God sal daal, laat die ware God vir Satan die duiwel **toe** om 'n totale “alternatiewe heelal” daar te stel – op so 'n manier waarop mense oor baie aspekte van die lewe dink dat dit nie net hulle denke, maar ook hulle **optrede** beïnvloed.

Aangesien Hollywood die seksuele verhouding tussen 'n man en 'n vrou uitbeeld – **nie** as

deel van 'n bindende verpligting in die huwelik nie – maar as 'n “speelding” om op enige manier geniet te word, soos wat verwarde mense dit wil gebruik, het Satan die diepgaande gevoel van respek vernietig wat mans en vroue oor seks en alles wat dit behels behoort te hê. Satan manipuleer herhaaldelik die wêreldse vervaardigers, skrywers en regisseurs van *Hollywood films* en TV-programme om jong mans en dames uit te beeld wat eenvoudig net in verskillende situasies “saam-woon”. Dikwels gebruik Satan die “komiese aard van die situasie” om dit na meer “pret” te laat lyk en om enigeen wat dan sulke losbandige gedrag sou teenstaan as **dom** te beskou.

Satan is inderdaad *baie slim* hiermee. Hy is in staat om die manier waarop jong mense dink te *manipuleer* – ook die manier waarop ons **almal** dink, indien ons nie versigtig is nie!

### Die resultaat van Satan se weë

Satan probeer dus om nou “die reëls te vervaag” waarbinne ons as manne en vroue in 'n ordentlike samelewing veronderstel is om te leef en op te tree. Satan wend nou uiterste pogings aan om die “meningsvormers” in Hollywood en die media oor die algemeen en selfs ook politici te beïnvloed om met die idee saam te stem en te glo dat, op een of ander onverklaarbare manier, mans kan “besluit” om vroue te word, vroue kan “besluit” om mans te word, asook ander soorte absurde idees. Só is dit gerapporteer op

*CNSnews.com* (2 Junie 2015):

“Dr. Paul R. McHugh, die voormalige hoofpsigiater van die Johns Hopkins hospitaal en die huidige voortrefflike bedieningsprofessor in psigiatrie, het gesê dat transgeslagtelikheid 'n 'geestesversteuring' is wat behandeling regverdig, dat seksuele verandering 'biologies onmoontlik' is en dat mense wat seksuele geslagsveranderende chirurgie aanbeveel, daaraan medepligtig is om geestesversteuring aan te moedig.

Dr. McHugh, die skrywer van ses boeke en ten minste 125 kollega-geresenseerde mediese artikels, het sy opmerkings in 'n onlangse kommentaar in die *Wall Street Journal* gemaak, waarin hy verduidelik het dat transgeslagtelik veranderde chirurgie nie die oplossing vir mense is wat aan 'n 'afwyking van “aanname” ly nie' – die idee dat hulle man- of vroulikheid verskillend is as wat die natuur biologies aan hulle toebedeel het.

Hy het ook oor 'n nuwe studie gerapporteer wat toon dat die selfmoordsyfer onder transgeslagtelike persone wat geslagsveranderende chirurgie ondergaan het, 20 keer hoër is as die selfmoordsyfer onder nie-transgeslagtelike persone”.

*Dink!*

Jesus Christus het gesê: “So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken” (Matthéüs 7:20). Die “vrugte”, die **resultate** van die homoseksuele lewensstyl, is absoluut **gruwelik!**

Feitlik alle owerhede erken dat die tempo van *voortydige*

*dood* met die beoefening van homoseksuele gedrag baie hoër is as vir heteroseksuele mense. Hierdie verwarde individue verkort eenvoudig hulle leeftyd deur hulle afwykende gedrag. Statistieke dui daarop dat hulle oneindig meer emosionele probleme as normale mense ervaar. Dr. McHugh se opmerking oor die sterftesyfer van transgeslagtelike mense wat **twintig keer hoër** is as die van normale mense, is verstommend! Onder die invloed van die onsigbare Satan die duiwel, “doen” Hollywood, nuusverslaggewers en selfs baie van ons wetgewers in die Kongres en elders, eenvoudig “mee” aan hierdie afwykende leefstyl en alle ander soorte gedragsvorme wat *lyding, wroeging* en ontydige **dood** meebring!

**Waarom?** Weereens is dit as gevolg van 'n *onsigbare mag* wat hulle *eenvoudig nie verstaan nie*. Aangesien hulle die enigste ware bron van grondige kennis, die Bybel, *verwerp het*, is hulle onwillig of net nie in staat om die feit te verstaan dat daar 'n **werklike** perverse geestelike wese is, wat *elke aspek* van ons huidige samelewing sterk beïnvloed nie. Satan die duiwel is regtig die “god” van hierdie huidige samelewing!

Op een of ander manier is Satan daartoe in staat om sommige vroue voortdurend daarna te laat “hunker” om soos mans te wil wees. Hulle word toenemend deur ander vroue, asook deur die media en ander invloede aangemoedig om

hulleself voortdurend te dwing om dinge te probeer doen waarvoor hulle nie fisies of emosioneel voorberei is nie. Dus het ons 'n paar vroue wat feitlik “vasbeslote” is om deur te druk om seesoldate, weermag veldwagters en in ander spanningsvolle militêre betrekkinge te wees wat *buitengewone* krag en vaardighede verg, waarmee vroue nie van nature toegerus is nie.

Al hierdie dinge neem hulle natuurlik weg **uit** die huis en weg van hulle mans en kinders. Satan is dus weereens op hierdie manier in staat om die normale gang van sake te *ontwrig*, om die gesinstruktuur te benadeel en om mense op alle gebiede te forseer na wat *nie normaal* is nie en wat **nie** ware en blywende geluk aan die grootste deel van die samelewing bring nie. Duisende klein kindertjies word van hulle eie “mamma” ontnem wat hulle by die huis kon versorg sodat hulle behoorlik grootgemaak kan word as die *volgende geslag* mense wat na die beeld van God geskape is.

### Die vloek van aborsie

Satan val nog 'n aspek van die menslike bestaan aan en dit is die *waarde van 'n menslike lewe*. Sedert seks nou 'n “speelding” geword het – om geniet te word of dit “goeie vrugte” voortbring of *nie* – word mense wysgemaak dat dit **nie** nodig is om hulleself te “beheer” in die manier waarop hulle seks beoefen nie. Inteendeel, hulle hoor hulle kan maar voortgaan

om buite die huwelik kinders te kry, of wanneer hulle wil. *Niemand* sê vir hulle om op te hou nie! Hierdie beginsel van selfbeheersing sou kwansuis neerkom op 'n “skending van vroueregte”!

Met hierdie begrip, is vroue dus “vry” om ongeoorloofde en sorgelose seks te hê en dan klein mensies te **vermoor** wat verwek is as gevolg van hulle onverantwoordelike optrede. Daardie vermoorde kindjie is dikwels ook 'n vrou – wat van háár “vroueregte”? Soos gewoonlik is Satan die duiwel deur middel van die media – en selfs deur **valse leraars** wat hulle as dienaars van Jesus Christus voordoen – gedurig besig om mense aan te moedig om voort te gaan om “hulle pret te hê” en te glo daar sal **geen straf** betrokke wees nie. In plaas daarvan om dus 'n moeder te wees, word 'n vrou dan 'n *moordenares!*

Deesdae verskyn talle artikels en verslae wat die diepgewortelde *sielkundige letsels* toon wat deur duisende van hierdie vroue beleef word, nadat hulle in hierdie praktyk van *kindermoord* ingeprent is deur die sogenaamde “owerhede”! Sulke verwarde jong vroue word gewillige slagoffers van die perverse redenasie van sielkundiges, sosioloë en ander wat hulle wysmaak dat 'n fetus – die begin van 'n *menslike wese* in hulle eie liggaam – **nie** 'n “mens” is nie. Aan hulle word vertel dat dit sommer net afval is waarvan hulle “ontslae kan raak” en van die gevolge vergeet.

**Indien** ons egter geleer het dat die Bybel *werklik* die “denke van God in druk” is – dat dit *werklik* die **Woord** of Boodskap is wat van die Skepper uitgegaan het – dan behoort ons **God** se wil oor hierdie onderwerp te verstaan! Volgens u Bybel het die Almagtige God hierdie woorde aan Jeremia gesê: “Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak” (Jeremia 1:5).

Wat sou gebeur het indien Jeremia se moeder geleer was dat hy net “afval” was wat in die vullisdrom gegooi kon word, eerder as iemand wat as 'n mens aan die Skepper “bekend” en *alreeds* deur Hom as 'n **profeet** van die Almagtige God *geheilig* of “afgesonder” was?

Die apostel Paulus was weereens deur God geïnspireer om te beskryf hoe God hom “afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het” (Galasiërs 1:15). Dus het die Almagtige God dié groot Apostel uitgekies en afgesonder, selfs binne-in sy moeder se skoot. Hy was **nie** in 'n vullisdrom gegooi as iemand se menslike afval nie! Kan ons selfs begin om die **ellendigheid** van ons hele samelewing te verstaan wanneer meer as **50 miljoen** onskuldige menslike wesentjies reeds op hierdie manier **vermoor** is as gevolg van ons moderne sonde van **aborsie**?

### Ons enorme hebsug

Menigmaal kyk ons nie “agter die skerms” om te besef dat sommige van hierdie sondes wat reeds genoem is, minstens *gedeeltelik* verkondig word, as gevolg van menslike hebsug en die begeerte om *geld te maak nie*. Hoeveel meer geld kan 'n dokter verdien deur vroue honderde rande te laat betaal om hulle babas te vermoor? Hoeveel meer geld kan die *media* verdien deur die homoseksuele lewenswyse te bevorder eerder as om die euwels daarvan uit te wys en dit **stop te sit** voordat dit ons hele samelewing oorneem?

Dit is vir al ons lesers noodsaaklik om ten volle te besef hoe dikwels leiers in die media – veral in die advertensie-wese en handel – skaamteloos na enige moderne neiging sal “gryp” wat hulle dink die samelewing sal oorneem en beïnvloed sodat dit vir hulle winsgewend kan wees! Hulle is gewoond daaraan om onbewus van God te wees en Hom **altyd** buite rekening te laat – hulle is bereid om deel te hê aan feitlik *enigiets* waarmee Satan die duiwel in sy “alternatiewe heelal” te voorskyn kom! Vir dié van ons wat nogtans in die Bybel glo, waarsku God, die Almagtige: “Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie

smarte deurboor” (1 Timótheüs 6:9-10).

Wanneer mense regtig in hierdie versoekings en begeertes verval, sal hulle einde – “*verderf en ondergang*” wees – soos die bogenoemde Skrifgedeelte aantoon. Onthou, dit is nie net om geld te “hê” wat boos is nie, maar die “**liefde**” vir geld, wat nie “die” wortel is nie maar 'n wortel van “*alle euwels*”. God het sekerlik geweet waarvan Hy praat en ons sien dit voor ons oë ontvou met verskeie groot maatskappye wat vinnig is om die staat van Noord-Carolina te “boikot” omdat hulle 'n wet uitgevaardig het waarin jong mans aangesê word om kleedkamers volgens hulle *ware biologiese identiteit* te gebruik en **nie** volgens enige “voorkeur” identiteit waarmee hulle te voorskyn kom, net om die kleedkamers van vroue te gebruik nie!

Dit is egter nodig dat almal van ons oor die situasie van ons menslike begeertes en gewilligheid nadink om 'n “skikking aan te gaan” ten einde geld te maak. Waarlikwaar, geld het 'n groot kwessie in moderne tye geword en mense is bereid om op baie maniere hulleself aan Satan die duiwel “te verkoop” om “vooruit te gaan” deur meer geld te maak. Wat die meeste mense nie besef nie, is dat die **einde** van al hierdie dinge die **dood** is.

Indien 'n kompromie met die regte lewenswyse aangegaan word, mag dit op die korte duur “voorkom” asof mense somtyds vooruitgaan en gelukkiger is. God se Wette is egter soos die

*wet van swaartekrag*. Dit werk **altyd**. U sal **altyd** swaarkry wanneer u die Tien Gebooue verbreek! Daarom sê God se geïnspireerde Woord aan ons: “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg **lyk**, maar die einde daarvan is weë van die **dood**” (Spreuke 14:12). Selfs nou, terwyl ek hier skryf, verskyn al hoe meer artikels en insiggewende berigte in die media wat verskillende **afvallighede** beskryf wat gedurig verskeie aspekte van ons huidige samelewing “oorneem” – soos wat dit “Satan se alternatiewe heelal” geword het! Selfs terwyl ek hier skryf, kyk ek na 'n artikel uit 'n onlangse uitgawe van die *Christianity Today* tydskrif – 'n basies gerespekteerde en bestendige “hoofstroom” publikasie wat nie toegee aan verregaande aansprake of aanvalle nie. Die skrywer Hazel Torres skryf:

“Soos dit deur die Christelike skrywer en akademikus Timothy George gedefinieer is, is sologamie 'n 'huwelik van iemand met homself – die manlik- of vroulikheid daarvan is nie relevant nie, hoewel dit lyk asof dit meestal vroue is wat dit doen’.

Alhoewel hierdie vreemde 'huweliksreëling' glo reeds al vir meer as 20 jaar bestaan, het dit nie juis baie aftrek gekry nie – tot onlangs...

Sedert 2015 het minstens vier vroue reeds met hulleself getrou – in

weelderige seremonies wat met 'n huwelik tussen 'n man en 'n vrou ooreenstem.

In Januarie 2015 het die *Houston Chronicle* berig dat Yasmin Eleby 'met haarself getroud is by die *Houston Museum of African American Culture* ... in 'n weelderige seremonie met 10 bruidsmeisies, plus familie en ander gaste wat saamgekom het om die geleentheid te vier' (3 Februarie 2016)".

Bogenoemde is 'n herbevestiging van die apostel Paulus se **waarskuwing** oor die filosofe en "groot denkers" van sy tyd:

"Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne

het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie" (Romeine 1:26-28).

Ons huidige samelewing – wat nou "Satan se alternatiewe heelal" word – volg dieselfde patroon soos wat mense doen "om God [nie] in erkentenis te hou **nie**. God het hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid om te doen wat nie betaam nie" en 'n algehele slegte menslike samelewing, wat tot swaarkry, smart en voortydige **dood** vir toenemende miljoene mense lei. Dit is alles omdat mense nie gewillig is om te **glo** dat God **werklik** is nie. Hulle is nie bereid om te doen wat God so duidelik in Sy geïnspireerde Woord sê nie. Dus sal God binnekort in menslike sake ingryp, soos nog *nooit tevore* in die geskiedenis

nie en Christus weer na hierdie aarde terugstuur om 'n samelewing te vestig waar Hy Sy **Wet** in die harte en binneste van **alle** mense sal plaas (Jeremia 31:31-33).

My Vriende, hierdie hele onderwerp is so oneindig wyd dat ek by hierdie punt gaan ophou. Ek is egter van plan om 'n *volledige boekie* oor hierdie belangrike onderwerp voor te berei, wat ons later sal aankondig. Ek hoop u sal hierdie boekie lees en *bestudeer* om u te help om die "denke van Satan" ten volle te begryp en hoe dit in werklikheid besig is om *u samelewing* en die hele wêreld rondom **u** oor te neem.

Mag God almal van ons help wat gewillig is om "wakker te word" en **uit** hierdie huidige samelewing te kom, wat beslis 'n moderne "Babilon" is! Die Ewige God beveel *elkeen* wat die ewige lewe in Sy Koninkryk wil hê: "**Gaan uit** haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar **plae** ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregthede onthou" (Openbaring 18:4-5). **WVW**

## Satan se vervalste Christendom

*Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!*

*Dit is lewensbelangrik.*

*Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

# Die man wat Kanada gekarteer het

Deur Stuart Wachowicz

In 1786 het 'n 16-jarige vakleerling deelgeneem aan sy eerste tog na die uitgestrekte, minder bekende binneland van die noordweste van Noord-Amerika. Die jong man se naam was David Thompson. Die jaar 2016 was die 230<sup>ste</sup> herdenking van die begin van 'n beslissende reis wat die gevolg gehad het van die vorming van westelike Kanada en die kartering van die grens met die Verenigde State. In die verslag van Thompson se reis is daar nog 'n verhaal wat ons behoort te bemoedig en te inspireer.

Thompson was vir twee jaar in verafgeleë poste langs die kus van *Hudson Bay* gestasioneer, nadat hy as vakleerling by die *Hudson's Bay Company (HBC)* ingeskryf het ná voltooiing van sy opleiding by die *Grey Coat Charity School* naby Westminster-abdy in Londen. David se pa is dood toe hy net twee jaar oud was, waarna die gesin in armoede verval het. Die *Grey Coat Charity School* het uitstekende opleiding aan jong seuns met weinig lewensmiddele verskaf, terwyl belowende studente opgelei is om navigators en uiteindelik seekadette in die Koninklike Vloot te word. Die jong David het uitsonderlike aanleg in meetkunde, driehoeksmeting, algebra en navigasie getoon; daarom was hy op die ouderdom van 14 as vakleerling ingeskryf en na, wat nou Noord-Kanada is,

gestuur. Daarna het hy nooit weer sy vaderland gesien nie.

Sy skip, die *Prins Rupert*, het in Mei 1784 anker gelig en later daardie jaar by *Churchill on Hudsonbay* aangekom. Dit was 'n wêreld wat baie anders was as enigiets wat hy in Engeland geken het, maar selfs in 'n staat van eensaamheid, waar hy met die vreemdheid van 'n dikwels vyandige nuwe land te doen gehad het, het David homself toegespits op enige taak wat aan hom opgedra was.

## Die aanpak van 'n loopbaan

As deel van 'n verkenningsgeselskap wat meer as 1,600 km die binneland in sou reis met die Noord-Saskatchewan rivier op, het Thompson van *Churchill* af na *Manchester House* gereis waar die geselskap in 1787 sou oorwinter. Daarna het hy 'n verdere 640 km per kano en te voet gereis, om saam met die *Piegan* stam naby die moderne Calgary te oorwinter. Thompson het die uitgestrektheid van die land waarin hy bestem was om te werk, begin ervaar. Met sy terugkeer na *Manchester House* in Desember 1788, het hy geval en homself baie ernstig beseer. Sy been is gebreek terwyl hy honderde kilometers van enige mediese hulp af was. Die geselskap het daarin geslaag om die beseerde Thompson terug na *Cumberland House* in die noorde van Saskatchewan te vervoer,

maar vir maande was sy oorlewing in die weegskaal. Dit het hom 'n jaar lank geneem om te herstel en die besering het hom permanent mank gelaat. Terwyl hy besig was om te herstel, het Thompson vir Philip Turnor, die Hoof Landmeter van *HBC* ontmoet. Turnor was 'n uitstekende leermeester en dit wil voorkom of Thompson die konsepte van opmeting en astronomiese waarneming met gemak verstaan het.

Turnor wat self een van die grootste landmeters van sy tyd was, was diep beïndruk met Thompson se vermoë en karakter en het in 1790 aan die Londense Komitee van die *HBC* geskryf dat, "indien hy ooit genoeg krag sou herwin en in staat sou wees om ekspedisies te onderneem, dink ek u Edelagbares sal kan staatmaak op sy verslae oor die toestand van enige plek wat hy mag besoek" (*Sources of the River: Tracking David Thompson Across Western North America, Sasquatch Books: Seattle, 1994, bl. 35*).

In September 1792 het Thompson op die ouderdom van 22, toegerus met 'n basiese stel opmetings-instrumente, van *York Factory* op *Hudson Bay* vertrek met die opdrag om korter roetes vir pelshandelaars te vind. In die jare tussen 1792 en 1812 het Thompson 88,000 km afgelê, dikwels alleen en onder moeilike omstandighede en daarin



geslaag om akkurate opmetings van 4,864,000 vierkante km van voorheen ongekarteerde terreine te maak, in 'n gebied wat gelykstaande aan die helfte van die oppervlakte van die Verenigde State is. Die akkuraatheid van sy opmetings kon nie oortref word nie, totdat die tyd van vliegtuig- en satellietkartering aangebreek het.

### 'n Man van eer en plig

Thompson het regdeur die hele landstreek, by inboorlinge sowel as by Europeërs, bekend-geraak as 'n man van integriteit en eerbaarheid. Hy het altyd sy woord gehou, ywerig sy pligte teenoor die HBC en later die Noordwes Kompanjie nagekom, maar veral teenoor sy vrou en huisgesin. In Junie 1799 is hy met Charlotte Small getroud, 'n jong dame van deels inheemse Amerikaanse afkoms. In 'n tyd wat Europese handelaars dikwels "plattelandse vroue" as eggenotes geneem het, hulle dikwels mishandel en gereeld agtergelaat het wanneer hulle ooswaarts teruggekeer het, was Thompson anders; hy het Charlotte innig liefgehad en haar gerespekteer. Hulle het saam meer as 20,000 kilometer te voet, per kano en te perd afgelê. Hy het voordeel getrek uit haar oorlewings- en taalvaardigheid, aangesien sy vlot Cree, Engels en Frans kon praat. Hy het dit waardeer. Hulle was werklik 'n span. Hulle was getrou aan mekaar en was vir 58 jaar lank getroud en het 13 kinders gehad. Vandag lê hulle saam in

die *Mount Royal* begraafplaas in Montreal begrawe.

In 1817 is hierdie mees briljante kartograaf deur die *International Boundary Commission* opdrag gegee om opmetings te maak en 'n groot deel van die grens tussen Kanada en die Verenigde State vas te stel. Die hoof van die Kommissie se opinie sê baie van Thompson: "n Heer vir wie ek altyd die hoogste agting sal hê vir sy opregtheid van hart, eerlikheid van geaardheid, integriteit van karakter en vaardighede in sy beroep". (*A Good and Wise Measure*, F. Carroll, bl. 99).

Thompson se werk verstom nog steeds moderne kartograwe. Met primitiewe instrumente, terwyl hy in byna onmenslike moeilike en gevaarlike omstandighede gewerk het, was hy in staat om 'n groot gedeelte van die Noord-Amerikaanse wildernis met groot akkuraatheid te karteer, terwyl hy ook nog daarin kon slaag om 'n pels-handel met baie verskillende inheemse nasies te bestuur. Later in sy lewe het hy in finansiële moeilikheid beland en die Buitelandse Kantoor het hulle woord verbreek met hulle belofte om hom ten volle te vergoed vir 'n voltooide atlas wat Thompson voorberei en uitgereik het.

Terwyl die einde van sy lewe 'n finansiële stryd was, saam met sy oë wat ingegee het, het die liefde wat hy en Charlotte vir mekaar gehad het vir meer as 'n halfeeu voortgeduur. David het in Februarie 1857 op die

ouderdom van 87 jaar gesterf en Charlotte het vir nog net drie maande daarna geleef.

### 'n Dikwels verwaarloosde les

Terwyl die wêreld vir David Thompson as die grootste landgeograaf in die geskiedenis mag onthou, kan ons die tyd neem om na te dink oor die opheffende vreugde wat David en Charlotte uit jare van getrouheid aan mekaar geput het. Hulle liefde en diens aan mekaar het selfs in moeilike tye aan hulle vreugde verskaf. Dit is 'n kameraderie wat in ons moderne, Westerse wêreld reeds verbroekel het omdat die huwelik deesdae bespot word en die rol van die vrou in die pers en vermaaklikheids-wêreld tot skande gemaak word. David en Charlotte was bevoorreg om voordeel te trek uit dit wat God vir die mensdom gegee het deur die instelling van die huwelik; hulle liefde het mekaar be-moedig en gemotiveer om voort te gaan om groot dinge te bereik en om geluk te beleef bo enigiets wat geld kan voorsien.

David Thompson mag bekend wees vir sy verstommende bekwaamheid as kartograaf, maar ons behoort nie die res van sy nalatenskap te ignoreer nie. Hy en Charlotte was 'n ware span en 'n voorbeeld van die getrouheid en samewerking vir mekaar se belange wat God in gedagte gehad het toe Hy die instelling van die huwelik bedink het. Indien u meer hieroor wil leer, skryf gerus vir ons gratis eksemplaar van die boekie: *Bou 'n vreugdevolle huwelik*. **WFM**

# Sewe sleutels vir gemoedsrus

Deur Richard F. Ames

Miljoene mense, indien nie miljarde nie, verkeer onder soveel spanning dat hulle angs, fobies en depressie ervaar. Hulle voel ellendig en ongelukkig. Hulle ondervind geen gemoedsrus nie. Wat van u?

Die hoë lewenskoste bied uitdagings aan ons gesinne. Kan ons ons onbetaalde rekeninge betaal? Miljoene mense pendel daaglik in druk verkeer en geweldige frustrasie en spanning word ondervind. Die geraas van masjiene in ons woonbuurte en werksplekke kan senutergend wees. Ons mag dan konflikte en argumente met gesinslede of kollegas hê. Fisiese kwale en hoofpyn kan ons frustreer en nog meer spanning meebring.

Miljoene mense regoor die wêreld betaal vir duur medisyne om hulle geestelike angs te kalmteer. Soos ons egter sal sien, gee God absoluut gratis, aan ons 'n verskeidenheid strategieë om die frustrasies van die lewe te bowe te kom!

## Sal u opgewasse wees?

Hoeveel mense vind dit moeilik om alledaagse spanning te hanteer? Vind u dit moeilik om gemoedsrus en vrede te vind? Die Amerikaanse Psigologiese Assosiasie [APA] het hierdie verslag in Februarie 2015 vrygestel: "Twee-en-veertigpersent van volwassenes sê dat

hulle nie genoeg doen of nie seker is of hulle genoeg doen om hulle spanning te hanteer nie. Een uit elke vyf Amerikaners (20%) sê dat hulle nooit betrokke raak in 'n aktiwiteit om te help om hulle spanning te verlig of te beheer nie" (*Stress in America: Paying with Our Health*, bl. 9).

Hoe ernstig is die probleem? Die APA se verslag gaan voort: "Baie Amerikaners sê hulle spanningsvlakke het in die afgelope jaar óf dieselfde gebly (53%) of verhoog (29%). Slegs 18% van Amerikaners sê hulle spanning het in die afgelope jaar afgeneem. Die mees algemene oorsaake van spanning wat aangegee is, sluit geld in (64% berig dat dit 'n baie belangrike of ietwat betekenisvolle oorsaak van spanning is), werk (60%), die ekonomie (49%), gesinsverantwoordelikhede (47%) en persoonlike gesondheid (46%)" (*ibid.*).

Hoe hanteer mense dit? Die verslag gaan voort: "Die algemeenste tegnieke wat aangegee word vir hantering van spanning, sluit in: Om na musiek te luister (44%), oefening/stap (43%), televisie kyk vir meer as twee uur per dag (40%) en die Internet besoek/om aanlyn te gaan (38%)" (*ibid.*).

Die regte soort musiek kan inderdaad ons spanning vir 'n tyd lank verlig en u Bybel prys die

waarde van fisiese oefening. Is daar egter geheelbeeld strategieë wat oorweeg kan word om vandag se Christene te help om langtermyn gemoedsrus te vind te midde van soveel voortdurende korttermyn spanning? In hierdie artikel sal ons na sewe noodsaaklike sleutels kyk vir die verkryging en handhawing van gemoedsrus.

## Sleutel 1: Neem deel aan die Groot Opdrag!

U Bybel gee 'n opdrag aan elke mens op aarde. Dit behoort die nommer een doel in u lewe te wees. Die Messias, Jesus Christus, gee aan ons 'n belangrike sleutel tot rustigheid en gemoedsrus: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matthéüs 6:33).

Die Koninkryk van God kom binnekort na hierdie aarde! Bid u daaglik, soos Jesus ons geleer het, "laat U koninkryk kom"? Wanneer ons al die euwels sien wat toenemend in die wêreld rondom ons voorkom, smag ons daarna dat die Koninkryk kom. Is dit u missie? Let op wat Jesus in die volgende vers sê. Wanneer u 'n doelwit groter as uself soek, kan u gemoedsrus vind. "Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy

die kwaad” (vers 34).

In Matthéüs 6 beklemtoon Jesus die noodsaaklikheid van geloof! Ons behoort elke dag deur die geloof in Jesus Christus te leef!

Voor Jesus se hemelvaart het Hy aan Sy dissipels, wat genoem word, “Die Groot Opdrag” gegee en verklaar: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen” (Matthéüs 28:18-20).

Jesus het die Groot Opdrag ook op hierdie manier verkondig: “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel [geoordeel] word” (Markus 16:14-15).

Ja, Jesus het gekom om die Evangelie van die Koninkryk van God te verkondig. U kan in Markus 1:15-16 daarvoor lees. Doen u deel om daardie groot missie te ondersteun. Probeer om 'n doelwit groter as uself te hê!

## **Sleutel 2: Bid oor u bekommernisse**

Een van die algemeenste uitdagings wat die meeste mense ondervind, is die spanning wat gepaard gaan met die bestuur van ons finansies. Die Amerikaanse Psigologiese

Assosiasie se verslag waarna vroeër in hierdie artikel verwys is, meld: “Dit lyk of spanning oor geld en finansies 'n beduidende impak op die lewens van Amerikaners het. Byna driekwart (72%) van die volwassenes berig dat hulle by tye gespanne oor geld gevoel het en byna 'n kwart sê hulle ervaar uitermatige spanning oor geld ... In sommige gevalle het mense selfs hulle behoeftes aan gesondheidsorg opgeskort as gevolg van hulle finansiële verpligtinge”.

Ons voel soms gespanne omdat ons nie ons laste met iemand anders wil deel nie. Alleen met ons probleme, vererger ons die bekommernis. Daar is egter iemand met wie u u bekommernisse oor finansies, verhoudings, werk of enigiets anders waarmee u probleme het, kan deel! God wil hê dat u u vrese met Hom sal deel! Let op na hierdie wonderlike belofte: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus” (Filippense 4:6-7).

Al die geld in die wêreld kan nie vir u geluk koop nie. God wil egter vryelik aan u daardie baie spesiale en kosbare geskenk gee, naamlik gemoedsrus. Wat 'n ongelooflike belofte gee God aan u. Wees duidelik en openhartig en opreg wanneer u u probleme in gebed deel. Koning Dawid van ouds was

baie openhartig en selfs voortvarend in sy ernstige klagtes en gebede. Hy het uitgeroep: “Hoor, HERE, en wees my genadig! HERE, wees my 'n helper!” (Psalm 30:11). Dit is maar net een van die baie versoeke om God se genade regdeur die Bybel te vind. Let daarop dat God “die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting” in 2 Korinthiërs 1:3 genoem word.

Deel u vrese met God in gebed. Stel oplossings voor vir u probleme. Dank God vir die voorreg om voor Sy troon van genade te kan kom. Sien uit na Sy belofte dat Hy aan u “die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan,” sal gee.

## **Sleutel 3: Soek wyse raad**

Die boek Spreuke bevat van die wonderlikste en verstandigste raad wat tot ons as Christene se beskikking is – raad van God Self. God die Almagtige sê: “Raad en beleid is myne, ek is die insig, sterkte is myne. Deur my regeer die konings en stel die maghebbers vas wat reg is” (Spreuke 8:14-15).

U Bybel gee wyse raad. Ek hou van die gewoonte om elke dag van die maand een van die 31 hoofstukke van Spreuke te lees. Spreuke is met verfrissende wysheid gevul wat nuwe betekenis en toepaslikheid sal aanneem namate u omstandighede verander, van dag tot dag, maand na maand en jaar na jaar.

Hoe waardevol is die boek Spreuke? God het die boek Spreuke geïnspireer met hierdie

bemoedigende inleiding: “Die spreuke van Salomo, die seun van Dawid, die koning van Israel, om wysheid en tug te ken, om woorde van insig te verstaan, om aan te neem tug wat verstandig maak, geregtigheid en reg en regverdigheid; om aan die eenvoudiges skrandigheid te gee, aan die jongeling kennis en oorleg; laat die wyse luister, dan sal hy insig vermeerder, en die verstandige sal verstandige gedagtes verkry, om 'n spreuk en beeldspraak te verstaan, die woorde van die wyse manne en hulle raaisels. Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug” (Spreuke 1:1-7).

Is u gewillig om raad te vra om u te help om u spanning en uitdagings in die gesig te staar? Hier is 'n vers uit Spreuke wat aan ons wysheid gee: “Planne misluk sonder beraadslaging, maar deur die veelheid van raadgewers kom dit tot stand” (Spreuke 15:22). Oorweeg nog een vermaning: “Luister na raad en neem tug aan, sodat jy in die vervolg wys kan wees. Baie planne is in 'n man se hart, maar die raad van die HERE, dié sal bestaan” (Spreuke 19:20-21).

Wanneer u die boek Handeling lees, sal u vind dat die vroeë Nuwe-Testamentiese Kerk as 'n geestelike gesin verenig was. Ons het mekaar nodig en ons het mekaar se hulp nodig. Soek raad by diegene wat getroue en ware Christene is en oor wysheid en 'n sterk Bybelgebaseerde karakter beskik. “Die weg van 'n dwaas is reg in sy eie oë, maar die wyse

luister na raad” (Spreuke 12:15).

Soek God se raad deur elke dag u Bybel te lees en wees op die uitkyk vir raadgewers wat stabiliteit en 'n Bybelgebaseerde karakter openbaar.

#### **Sleutel 4: Moenie fisiese oefening nalaat nie**

Honderde, indien nie duisende gesondheidsverslae en studies beklemtoon die voordeel van fisiese oefening as 'n middel om spanning te verminder. Jare gelede het ek in my persoonlike boekie van lewenslesse geskryf: “Wanneer depressief, gaan uit en draf of hardloop”.

Die *Mayo Kliniek* gee hierdie raad: “Oefening in byna enige vorm kan dien om spanning te verlig. Om aktief te wees kan u goedvoelendorfiene opkikker en u aandag van daaglikse bekommernisse aflei. ... Indien u nie 'n atleet is nie of selfs al is u nie fiks nie, kan u nog steeds vind dat 'n bietjie oefening baie help om spanning te bestuur. Ontdek die verband tussen oefening en verligting van spanning en waarom oefening deel van u spanningsbestuursplan behoort te wees” (*“Exercise and stress: Get moving to manage stress”*, *MayoClinic.org*, 2016).

Een van die beste oefeninge vir diegene van ons wat in ons senior jare is, is stap. Nee, ons is moontlik nie in staat om teen dieselfde tempo te stap as toe ons 50 jaar jonger was nie, maar ons behoort binne perke te doen wat ons kan. Ek was verlede jaar persoonlik geïnspireer nadat ek

van 'n 92-jarige dame gehoor het wat naby ons kantoor in Charlotte woon, wat 'n wêreldrekord opgestel het as die oudste dame wat nog ooit 'n marathon voltooi het. Haar eindtyd van 7:24:36 lyk dalk nie so indrukwekkend vir die hardlopers wat 70 jaar haar junior is nie, maar haar voorbeeld behoort ons daaraan te herinner om onself aan te spoor om te doen wat ons kan.

Dit is selfs 'n Bybelse beginsel. Terwyl die apostel Paulus 'n groter geestelike punt benadruk het, het hy nietemin die waarde van fisiese oefening geprys toe hy geskryf het: “Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomstige lewe het” (1 Timótheüs 4:8). Geestelike oefening sal tot ewigdurende voordeel lei, maar ons behoort nie die tydelike voordeel van fisiese oefening te verwaarloos nie.

#### **Sleutel 5: Handhaaf 'n positiewe gesindheid**

In ons moderne, snelbewegende, inligting-oorlaaide wêreld ervaar ons almal spanning. Hoe kan ons dit die hoof bied? Ons moet duidelik verstaan dat, tot 'n groot mate, ons geestelike gesondheid 'n kwessie van keuse is. U kan kies om 'n positiewe en rustige gesindheid te hê.

U het heel moontlik al 'n paar van die vele “aanhalings geskik om aangehaal te word” [*“quotable quotes”*] gelees oor

die beoefening van 'n positiewe gesindheid. My vrou het 'n geraamde foto van weerligstrale aan my gegee, met die titel "Die mag van gesindheid". Luister na hierdie nuttige beginsel soos dit deur 'n anonieme skrywer gegee is: "Ons lewens word nie bepaal deur wat met ons gebeur nie, maar hoe ons reageer op wat gebeur; nie deur wat die lewe aan ons bring nie, maar deur die gesindheid wat ons in die lewe openbaar. 'n Positiewe gesindheid veroorsaak 'n kettingreaksie van positiewe gedagtes, gebeure en resultate. Dit is 'n katalisator ... 'n vonk wat buitengewone resultate voortbring".

Het u 'n bewuste keuse gemaak om 'n positiewe gesindheid te handhaaf? Die apostel Jakobus beklemtoon daardie beginsel. Hy gee aan ons positiewe advies om ons te help om spanning, beproewings en probleme te verwerk. Wat behoort ons te dink wanneer ons beproewings beleef? Ons lees: "Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoeking val" (Jakobus 1:2). Die beproewing mag sekerlik pynlik wees, maar u kan met blydschap na die proses terugkyk. Waarom? Omdat "julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie" (verse 3-4).

U kan 'n positiewe gesindheid hê, met die wete dat u

karakter en geduld versterk word. Ek het hoeveel keer al vir myself in 'n spanningsvolle situasie gesê: "Handhaaf 'n positiewe en rustige gesindheid". God help my dan deur die beproewing. Dit is ook nuttig om te leer om te glimlag en 'n sin vir humor te hê en onmiddellik gereed te wees om te bid. "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus" (Filippense 4:6-7).

#### **Sleutel 6: Tel u seëninge**

Een manier om 'n positiewe ingesteldheid te help handhaaf is om uself te herinner aan die baie seëninge wat God aan u gegee het. Is u lewe volmaak? Het u al die sukses behaal waarop u gehoop het? Heel waarskynlik nie. Indien u eerder fokus op die menigte seëninge wat u het, mag u waarskynlik tot die besef kom dat die lewe wat u het, vir die oomblik volmaak is en dat u dankbaar kan wees vir die omstandighede wat God gebruik om u te help om Sy karakter in u eie lewe te ontwikkel.

Wanneer u bid (sien Sleutel 2), is dit 'n lewensbelangrike deel van u kontak met God om u seëninge te tel. Net soos u u bekommernisse te bowe kan kom deur u sorg met u Skepper te deel, kan u u positiewe gesindheid versterk deur Hom vir u vele seëninge te dank. Ons

lees: "Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle" (1 Thessalonicense 5:16-18).

Sommige van u mag dalk vertrouwd wees met die ou negentiende-eeuse lofsang, "Tel jou seëninge". Hier is 'n paar van die woorde: "As die lewensstorme woedend om jou slaan, en jy soms ontmoedig vrees om te vergaan, tel jou seëninge, tel hul een vir een, en jy sal verbaas wees oor wat God verleen".

Tel u seëninge en spreek u opregte dankbaarheid teenoor God uit. Waarvoor is u dankbaar? Dank u God vir die wonderlike openbaring van Sy waarheid, die Bybel? Dank u God vir Jesus Christus se offer vir u sondes? Onthou hoe Johannes die Doper na die Messias verwys het: "Dáár is Die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Johannes 1:29). Dank God dat Hy u sondes kan wegneem indien u u bekeer en Jesus as u Verlosser aanneem.

#### **Sleutel 7: Eis God se beloftes op**

Die apostel Paulus skryf: "En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus" (Filippense 4:19). U Bybel is 'n goudmyn van God se beloftes aan u. U hoef net in gebed na die genadetroon wat in die hemel is te gaan en daardie beloftes op te eis.

U behoort die geloof te hê om die beloftes wat God gegee

# Waarom genees God?

Deur Rod McNair

**Indien u genesing nodig het, mag dit die heel belangrikste vraag wees wat u ooit sal vra!**

*Te midde van 'n krisis vra ons dikwels: "Waar is God?" Ons wonder: "Waarom laat Hy toe dat ek so ly?" of selfs: "Waarom het Hy toegelaat dat my geliefde sterf?" Sulke vrae kan deur ons gedagtes maal in spanningsvolle en wanhopige oomblikke wanneer ons voor siekte, pyn en selfs die moontlikheid van die dood te staan kom.*

*Heel moontlik vra ons die verkeerde vrae. In plaas daarvan om God te oordeel omdat Hy nie vinnig genoeg ingryp nie, behoort ons 'n ander vraag te vra. Indien ons God se genesing nou nodig het, behoort ons die fundamentele vraag te vra: **Waarom genees God? Lees verder vir die antwoord!***

Om genesing te verstaan, moet ons die "geheelbeeld" perspektief oor siekte en dood verstaan. Wat is God se siening van die mens se lewe? In die eerste plek, menslike lewe is baie kort! Vergelyk dit met God se lewe en die verskil in perspektief is enorm! Die profeet Jesaja het verduidelik: "Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam" (Jesaja 57:15). God leef van ewigheid af in die verlede en Hy sal vir ewig in die toekoms leef. Vir ons verstand is dit moeilik om te begryp! Hy is verder besig om ons voor te berei om te deel in daardie nimmer-eindigende lewe saam met Hom, deur die opstanding uit die dood (Johannes 5:24). Ons het 'n wonderlike toekoms wat ons met ons huidige siening, skaars kan begin verstaan!

## Van nou tot in ewigheid

Terwyl hy oor die kortstondigheid van die mens se lewe nagedink het, het koning Dawid opgemerk: "My dae is soos 'n skaduwee wat lank geword het, en ek, soos die plante verdor ek" (Psalm 102:12). Tog lei ons kort

lewe tot 'n groot en wonderlik toekoms: "Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee" (Jeremia 29:11).

Somtyds laat God 'n man of vrou genadiglik sterf – selfs 'n regverdige persoon – om toekomstige tye van benoudheid gespaar te word. Dit is ook 'n belangrike perspektief om te begryp. "Die regverdige kom om, en daar is niemand wat dit ter harte neem nie; en die vromes word weggeruk sonder dat iemand daarop let; want die regverdige word weggeruk vanweë die boosheid" (Jesaja 57:1). Dit is God se siening.

## Omdat Hy genadig is

Onse God is nietemin 'n barmhartige en medelydende Vader wat ons raamwerk ken, ons liggaamlike swakhede en ons broosheid (Psalm 103:14). Jesus Christus Self het gekom sodat ons "lewe en oorfloed kan hê" (Johannes 10:10). Hy het Sy lewe vir ons sondes gegee en ook nog Sy liggaam aangebied om gewond te word ter wille van

ons siektes – vir ons genesing (1 Petrus 2:24). Ons lees dat toe Jesus die skare sien wat Hom gevolg het, het Hy "innig jammer vir hulle gevoel, en Hy het hulle siekes gesond gemaak" (Matthéus 14:14).

Sommige mense glo om op te kyk na God vir genesing is vir minder opgevoede Christene en dat wonderbaarlike genesing slegs "vir 'n meer primitiewe era was", minder gesofistikeerd as ons s'n (*Healing*, Francis McNutt, bl. 17, 20). Niks kan egter verder van die waarheid af wees nie! Goddelike genesing is vir God se getroue mense van alle eeue. Let op wat Dawid sê: "Welgeluksalig is hy wat ag gee op die arme; die HERE sal hom red in die dag van onheil. Die HERE sal hom bewaar en hom in die lewe hou .... Die HERE sal hom ondersteun op die siekbed" (Psalm 41:2-4).

God genees omdat Hy ons liefhet en met genade na ons kyk, wanneer ons in geloof na Hom opkyk en aan Hom gehoorsaam is. Soos enige liefdevolle Vader, vind Hy groot vreugde daarin om vir Sy kinders geskenke te gee wat vir hulle goed is. God het egter ook ander redes vir

genesing. Wat is dit?

### Omdat ons in geloof en gehoorsaamheid vra

Wanneer ons genesing nodig het, doen ons wat voor die hand liggend is? Gaan ons na God en vra Hom daarvoor? Jesus Christus het aan Sy dissipels gesê om te “vra, te soek en te klop” vir die dinge wat hulle van hulle Vader nodig het. Hy verduidelik: “As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!” (Matthéüs 7:11).

Die beginsel is: Dit is nodig dat ons vra! God wil hê dat ons ons na Hom wend, om ons versoeke aan Hom te rig en vir uitkoms te vra. Soos die skrywers James en Carol Garlow dit uitwys: “Ironies genoeg, dit is wanneer ons God se genesende krag die nodigste het, dat dit vir ons die moeilikste tyd is om daarvoor te vra” (*God Still Heals*, bl. 20).

Waarom is ons soms bang om te vra? Soms voel ons ver van God af, beskaamd oor ons sondes. Soms voel ons onwaardig om God se ontsagwekkende seëninge te ontvang. Ons moet net nie toelaat dat enigiets ons daarvan weerhou om nederig na God te gaan en vir genesing te vra nie. Indien u genesing nodig het, gaan na God en roep uit na Hom! Bekeer u van u sonde en vra Hom om u te vergewe. Vra Hom om u te help om Hom ten volle te gehoorsaam. Laat Hom weet dat u ernstig is oor u

versoek. Moenie moed opgee nie! Leer uit die voorbeeld wat Christus gegee het van die weduwee wat volhard het (Lukas 18:1-7).

Die profeet Hoséa het die ongehoorsame volk van Efraim berispe omdat hulle 'n uiterlike vertoon van godsdienstigheid gemaak het, maar nie regtig uit die hart gebid het nie! “Ook roep hulle nie van harte na My nie, maar jammer op hulle bedde” (Hoséa 7:14). Indien ons desperaat antwoorde op ons gebede nodig het, wend ons regtig 'n opregte poging aan om nader aan God te kom?

Om God in geloof te vra beteken ook om Sy antwoord te aanvaar – wat dit ookal mag wees. Sommige mense neem aan dat wanneer God nie aan hulle versoeke voldoen nie, Hy nie hulle gebede beantwoord het nie. Die verslaggewer William Lobdell is die skrywer van *Losing My Religion: How I Lost My Faith Reporting on Religion in America – And Found Unexpected Peace*. Die boek beskryf sy reis van ongeloof na hoofstroom Christelikheid en dan weer terug na ateïsme. Tydens 'n onderhoud wat met mnr. Lobdell oor sy boek gevoer is, het hy gesê: “'n Groot keerpunt in my omgekeerde bekering was dat geen gesaghebbende studies toon dat gebed werk nie” (*“Losing his religion, finding peace”*, *Charlotte Observer*, 7 Maart 2009).

Werk gebed nie? Uit wie se oogpunt? Is gebed net oor wat ons wil hê – of gaan dit oor die

soeke na God se wil eerder as ons eie? Hoewel die apostel Paulus God drie keer gesmeek het om hom van 'n “doring in die vlees” te genees, het God blykbaar “Nee!” geantwoord. Het Paulus gereageer deur “sy godsdiens te verloor?” Glad nie! Hy het in geloof aanvaar dat God se wil deurslaggewend is. “Daarom het ek behae in swakhede, in mishandelinge, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk” (2 Korinthiërs 12:10).

Dawid was 'n man van God wat vurig gebid en herhaaldelik vir God se verlossing gevra het. Hy roep uit na God, “Keer terug, HERE, red my siel; verlos my om u goedertierenheid ontwil. Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?” (Psalm 6:5-6). Wat het Dawid regtig gesê? Hy het aan God gesê: “Ek wil meer tyd hê om volgens U lewenswyse te leef. Ek wil meer tyd hê om U werk te doen. Ek wil meer tyd hê om my lewe aan U wil te onderwerp!” Wanneer ons God vir genesing en verlossing vra, is dit waarna ons werklik soek? Of vra ons Hom net om ons pyn weg te neem?

Die apostel Jakobus het die rol van God se dienaars in ons genesing verduidelik. Wanneer ons goddelike genesing nodig het, beveel die Skrif ons om Sy ouderlinge in te roep en te vra om gesalf te word. “Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in

die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word” (Jakobus 5:14-15). Daar is geen “toorkrag” in die leraar self en ook nie in die olie wat hy met die salwing gebruik nie. Dit is God wat die genesing verrig of die leraar fisies sy hande op die siek individu lê en of hy die apostel Paulus se voorbeeld volg deur 'n gesalfde lappie te stuur (Handelinge 19:11-12). Indien u God se genesing verlang, moenie huiwer om God se ware leraars vir berading en salwing te nader nie.

### **Om Homself aan 'n ongelowige generasie te openbaar**

Gedurende die afgelope dekades het baie mense in ons Westerse nasies belangstelling in God verloor en sommiges het Hom eenvoudig uit die oog verloor. 'n Onlangse *Associated Press* artikel beskryf hierdie ontstellende tendens: “Tussen 2007 en 2014, toe Pew twee groot opnames van die V.S. se godsdienstige lewe gemaak het, het Amerikaners wat hulleself as ateïste, agnostici of van geen spesifieke geloof beskryf, van 16% tot byna 23% toegeneem. Gedurende dieselfde tydperk het Christene van sowat 78% tot net minder as 71% van die bevolking gedaal. Protestante maak nou 46,5% uit van wat eens 'n oorwegend Protestantse land was” (Zoll, Rachel, “*Study: More Americans Say They Have No Religion*”, *Herald & Review*,

16 Mei 2015). Die navorsers sê dat die bevindings “aandui dat aansienlike veranderings' onder godsdienstig ongeaffilieerdes nie net 'n verandering is hoe mense hulleself beskryf nie”, maar dat hulle ongelooftot toenemende pogings gelei het om “godsdienste uit die openbare lewe te hou”.

God het in antieke tye tog ook wonderwerke soos goddelike genesing verrig om te openbaar wie Hy is! Terwyl God Israel uit slawerny in Egipte bevry het, moes Hy Homself – asook Sy krag – weer aan 'n ongelowige en skeptiese volk bekendstel. Benewens die openbaarmaking van Sy Sabbat, Sy Heilige Dae en Sy Geboorte, het God Homself deur wonderbaarlike dade van genesing geopenbaar.

Nadat Moses en die Israëliete by Mara aangekom het, het hulle die water bitter en ondrinkbaar gevind. God het egter daardie water genees en aan die mense gesê: “As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy geboorte en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak” (Exodus 15:26).

U het moontlik 'n belangrike keerpunt in u lewe beleef nadat God u dramaties genees of u in 'n verskriklike ongeluk beskerm het. 'n Gebeurtenis soos hierdie is dikwels die beginpunt van baie mense se roeping. Daar is niks soos bonatuurlike genesing om

ons te laat beseef dat God in ons lewe betrokke is nie. Dit trek ons aandag!

Wees dankbaar indien God u in die verlede genees het. Dank God daarvoor en dink na oor waarom God u genees het. Hy mag u moontlik uit 'n ongelowige generasie roep na 'n hegte en gehoorsamer verhouding met Hom (Johannes 6:44).

### **Om Sy Werk te beklemtoon**

Terwyl Jesus Christus op hierdie aarde was, het Hy verstommende wonderwerke verrig. Een rede waarom Hy Sy dramatiese genesings gedoen het, was om Sy sending te identifiseer en die aandag op Sy Werk vir die verkondiging van die Evangelie te vestig. Let op Christus se reaksie nadat Johannes se dissipels Hom gevra het of hy die Messias was: “En in dieselfde uur het Hy baie mense genees van siektes en kwale en bese geeste, en aan baie blindes die gesig geskenk. En Jesus antwoord en sê vir hulle: Gaan vertel aan Johannes wat julle sien en hoor: blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig” (Lukas 7:21-22).

Bybelprofesie dui aan dat valse leraars misleidende wonderwerke in die eindtyd sal verrig (Matthéüs 24:24). Die Skrif profeteer die verskyning van 'n “ongeregtige” wat sataniese “wonders van die leuen” sal verrig (2 Thessalonicense 2:9) en diegene sal mislei wat nie regtig “die liefde



tot die waarheid nie aangeneem het" nie (vers 10). Hierdie bese figuur sal in staat wees om "groot tekens [te verrig], sodat hy selfs vuur van die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense" (Openbaring 13:13).

Christus het nogtans Sy dissipels meegedeel dat hulle in staat gestel sou word om ware wonderwerke van God te verrig, soos ook dié van genesing van die siekes (Markus 16:18). Hierdie wonderwerke is in die konteks van die verkondiging van die Evangelie en die voorbereiding van die weg vir die Wederkoms van Jesus Christus na die aarde. "En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom ... En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word" (Markus 16:15-18).

Hoe sal u in staat wees om tussen "wonders van die leuen" en die wonderwerke van God se getroue dienaars te onderskei? God se outentieke wonderwerke beklemtoon die Werk van die verkondiging van die ware Evangelie. Dit bevestig die waarheid van die Bybel en vertoon die vrugte – die seën – van gehoorsaamheid aan God se Wet. Soos Jesaja geskryf het: "Tot die wet en tot die getuënis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie"

(Jesaja 8:20). Moenie u laat mislei deur "wonderwerke" wat probeer om die eenvoudige waarheid te ontken wat Jesus Christus ons geleer het en soos dit in die Bybel opgeteken is nie!

### Om Sy kinders te toets

Kan genesing 'n toets wees? Indien u daarvoor nadink, kan groot seëninge soms onverwagse toetse wees. In die geval van goddelike genesing, mag ons beproewing en toets dalk nie eindig wanneer ons genees is nie. Nadat God ons gesond gemaak het, behoort ons onself af te vra: Het ons lewe verander? Indien ons beloftes aan God gemaak het toe ons swaar gekry het, het ons daardie beloftes gestand gedoen en blywende verandering in ons lewe gebring? Of het ons nadat God ons van ons pyn verlos het dadelik weer na ons ou handelswyses en gesindhede teruggekeer?

U het dit moontlik al self gesien. Iemand is dramaties van 'n ernstige siekte genees en na 'n paar maande of jare van gesondheid draai die persoon van God se lewenswyse of selfs van God af weg. Wat is die les? Fisiese genesing waarborg nie geestelike groei nie. Geestelike groei en verdieping van geloof is uiteindelik tog God se doel vir almal wat Hy geroep het.

Terwyl Jesus deur Samaria en Galilea gegaan het, het Hy 'n dorpie binnegegaan waar tien melaatses gewoon het. Soos wat Hy nadergekom het, het hulle om genade uitgeroep. Hulle het vir verlossing van hulle gevreesde siekte gevra. In re-

aksie hierop het Jesus geantwoord: "Gaan vertoon julle aan die priesters. En onderwyl hulle weggaan, het hulle rein geword. En een van hulle, toe hy sien dat hy gesond was, het omgedraai en God met 'n groot stem verheerlik" (Lukas 17:14-15).

Stel u voor! Nadat hulle deur hierdie verskriklike en ongeeneeslike siekte beproef was, is al tien skielik en wonderbaarlik bevry. Hulle lewens het skielik en dramaties ten goede verander! Net een van die tien melaatses het homself verwerdig om terug te draai en God vir sy genesing te bedank. Wat van ons? Hoe vinnig vergeet ons van ons angs en onrus en die beloftes wat ons aan God gemaak het sodra ons van die beproewing bevry is? Hoe belangrik is dit tog nie om dankbaarheid en eer aan God te betoon, saam met hernude toewyding en gehoorsaamheid, wanneer Hy ons Sy seëninge skenk nie – goddelike genesing hierby ingesluit.

So, waarom genees God? Om Homself te openbaar, om Sy werk bekend te maak en om Sy mense te toets. Hy genees omdat Sy seuns en dogters Hom in geloof en gehoorsaamheid vra en Hy genees uit Sy genade en onbepaalde goedertierenheid.

Het u goddelike genesing nodig? Indien wel, maak seker dat u nie vir God blameer nie. In stede hiervan, kyk met dankbaarheid na Hom vir Sy hele plan, met die wete dat Hy Sy wil in u lewe kan en wil uitvoer wanneer u met geloof en in gehoorsaamheid na Hom opkyk.

**WvM**

# 'n Belofte van rus

Daar is 'n tyd in die toekoms wanneer die “nuwe normaal” wêreldvrede sal wees!

Deur William L. Williams

'n Bietjie meer as 65 jaar gelede het Generaal Douglas MacArthur in sy April 1951 afskeidsrede aan die Amerikaanse Kongres, grimmig sy gedagtes uitgespreek oor wêreldwye konflikte waarin hy 'n belangrike rol gespeel het. Terwyl hy as 'n lewenslange militêre man gepraat het – 'n senior leier tydens sommige van die hewigste veldslae in moderne geskiedenis – het hy in sy opmerking die algehele klem op sy ervaring geplaas dat, hoewel die mensdom sedert die begin vrede gesoek het, alle pogings om internasionale vrede te verkry, uiteindelik misluk het. Hy het kil gewaarsku: “Indien ons nie 'n groter en meer regverdigde soort stelsel kan bedink nie, sal Armageddon voor ons deur wees”.

Die mensdom het nog nie daardie stelsel uitgedink nie en ons bevind onself vandag in 'n wêreld van oorlog. Konflikte woed oor baie dele van die wêreld, van opstand en guerrilla-gevegte in die ontwikkelende wêreld, tot volskaalse oorlog en landswey opstande in die Midde-Ooste, waarin 'n paar van die magtigste regerings in die wêreld betrokke is. Volgens die aanlyn militêre data-webwerf, *GlobalSecurity.org*, woed daar tans meer as 50 voortslepende oorloë en konflikte waarvan die omvang verskil. Baie hiervan, soos die Siriese burgeroorlog en die voortgesette probleme in die Oekraïne, het die nuus gehaal. Ander oorloë is al vir jare lank in en uit die nuus, soos

die voortgesette vyandigheid tussen Noord-Korea en sy bure wat al vir dekades steeds pruttende potte van geweld is.

Ongekende bedrae geld en hulpbronne word in die vurige kake van oorlog gestort en hierdie groot kostes word oorskadu deur die ontsaglike slagting van menselewens wat in hierdie vuuroond gegooi word – met die prys wat te dikwels deur baie meer burgerlikes as soldate betaal word.

## Is oorlog normaal?

Wat gaan in die wêreld aan? Is al hierdie gevegte die “normale” toestand van die mens se lewe? Wat is die oplossing en is daar hoop op die horison vir 'n einde aan dit alles – 'n einde waarna die wêreld werklik kan uitsien, eerder as die daadwerklike moontlikheid van kern of biologiese rampspoed?

Wanneer ons ons na die Bybel wend, sien ons 'n antwoord op elke vraag. Die geïnspireerde Woord van God sê aan ons wat alreeds gebeur het, wat tans gebeur en wat nog gaan gebeur.

Die apostel Jakobus is geïnspireer om 'n gehoor wat in 'n soortgelyke tydperk van geweld geleef het te vermaan en sy waarskuwings was duidelik en deurdringend: Geweld en oorlog is die gevolge van verkeerde begeertes en motiewe (Jakobus 4:1). Ons word gewaarsku dat ons eie harte ons mislei, van individue tot magtige ryke (Jeremia 17:9) en ongelukkig is dit dikwels

waar dat ons grootste oorloë deur die grootste verskonings verbloem word. Terselfdertyd weet ons dat God selfs deur die beste van menslike redenasies sien, want Hy alleen ken ons harte (Jeremia 17:10). Die profeet Jesaja was in antieke tye geïnspireer om te skryf wat selfs die groot “oorlogsman”, Douglas MacArthur, in staat was om in onlangse geskiedenis te erken, dat die “weg van vrede” nie aan die mens bekend is nie (Jesaja 59:8).

## God se plan vir vrede

God weet dat die weg van vrede nie deur regerings van hierdie tyd, hulle beleid of deur die revolusies en filosofieë van mense moontlik is nie. Dit maak nie saak wat die oorsaak is nie, dit maak nie saak hoe edel of desperaat die redes is nie, alles wat ons doen voeg net nog volumes by 'n omvattende geskiedenis van geweld. Vrae van reg en verkeerd raak verlore in die wedersydse bloedvergieting. Ons benodig iets groter as wat die mens aan homself kan voorsien. Dit is waarom God lank gelede 'n groot plan in werking gestel het om die mensdom van die werke van oorlog en twis te verlos en om 'n tyd van goddelike heerskappy op hierdie aarde te bewerkstellig, onder Jesus Christus en die herrese heiliges, wanneer die planeet Aarde uiteindelik die weë van vrede geleer het, nie van oorlog nie. Dan sal die hele wêreld God se belofte van rus ontvang (Hebreërs 4:1). **WvM**

# Die werke van Sy hande

## Die onvermoeide menslike hart

Deur Wallace G. Smith

Dit is nie baie groot nie, trouens dit is net 'n bietjie groter as u geslote vuis. Tog weer-spreek sy kleinheid die unieke en belangrike rol wat dit in u lewe speel. Inderdaad, daarsonder sou u geen lewe gehad het nie! Uur na uur, minuut na minuut en selfs sekonde na sekonde, steun u volkome daarop. Tensy iets daarmee *verkeerd* is, laat ons dikwels na om twee keer daaraan te dink.

Wat is dit? Dit is die *menslike hart* – 'n biologiese wonder van God se skepping wat die trots van enige ingenieur op die planeet sou wees. Dink maar net aan 'n paar redes waarom ons hierdie meesterstuk behoort te waardeer, hierdie wonderwerk van ons Skepper, wat stilweg en voortdurend in ons borskas klop.

Een van die hart se belangrikste doelwitte is om voortdurend bloed deur ons liggame te laat vloei terwyl dit die broodnodige suurstof vanuit ons longe versamel en dit deur die hele liggaam versprei. Om dit te kan doen, moet die *een* hart gelyktydig bloed vanuit *twee* verskillende bronne ontvang – die longe en die liggaam – dit dan weer in *twee* verskillende rigtings terugstuur. Die vernuftige ontwerp en bedrieglik eenvoudige struktuur van die hart maak hierdie prestasie

moontlik.

In die eerste plek ontvang die hart bloed in die boonste twee kamers: Die *atria*. Die *regter atrium* word met “gebruikte” suurstofarm bloed vanuit die liggaam gevul, terwyl die *linker atrium* met “vars” suurstofryke bloed vanuit die longe gevul word. Met 'n sametrekking stuur die *atria* hulle individuele inhoud na twee groter, gespierde *ventrikels*, onder hulle. Daarna, met 'n tweede sametrekking, stuur die *regter ventrikel* die “gebruikte” bloed na die longe vir 'n vars lading suurstof, terwyl die *linker ventrikel* terselfdertyd die “vars” bloed na die res van die honger liggaam pomp.

So wonderbaarlik as wat hierdie gespierde kamers mag wees, sou hulle nie hul werk kon verrig sonder die *vier eenrigtingkleppe* wat oop en toemaak op presies die regte tydstip om die bloed in die regte rigting te laat vloei nie. Trouens, dit is die volmaakte tydsberekening met die sluiting van hierdie kleppe – in gesinchroniseerde pare – wat die bekende “loef-doef” klank van u hartklop veroorsaak. “Loef” – twee kleppe onder die *atria* klap toe wanneer die ventrikels bloed die liggaam instuur. “Doef” – daardie atriale kleppe heropen terwyl die

ander paar kleppe toeklap sodat die ventrikels weer gevul kan word.

“Loef-doef ... loef-doef ... loef-doef ...” Daardie eenvoudige klank van u borskas verteenwoordig 'n ingewikkelde ontwerpte dans van spier, senuwee en klep wat u elke sekonde van elke dag aan die lewe hou!

### Werk lewenslank hard!

Wanneer het hierdie dans begin? U hart het net *drie weke nadat u verwek is* begin klop, toe u nog net die grootte van 'n baie klein papawersaadje was! Selfs voordat u 'n *brein* gehad het, het u hart alreeds hard gewerk aan die taak wat dit vir die res van u lewe sal verrig.

Probeer die volgende met bogenoemde in gedagte: Druk u hand vinnig in 'n stywe vuis en maak dit dan herhaaldelik oop en toe teen 'n tempo van 70 keer per minuut. Hoe lank neem dit voordat u hand en armspiere moeg en afgemat raak?

Neem dan in ag dat in vergelyking hiermee, die hart *voortdurend* werk met net 'n klein fraksie van 'n sekonde tussen elke hartklop. Ten einde hierdie (letterlik) onvermoeide taak te verrig, het God die hart met gespesialiseerde *hartspiere* toegerus wat 15 tot 30 keer meer

“energie opwekkers” (mitochondria) per volume bevat as u ander spiere.

As gevolg van al hierdie werk spog die hart met 'n paar indrukwekkende statistieke! Vir iemand wat tot op die ouderdom van 75 jaar leef, sal die gemiddelde hart se werk uit meer as 2,7 miljard hartkloppe bestaan! Selfs in 'n enkele dag sal die meeste harte ongeveer 100,000 keer klop. Oor daardie 75 jaar, sal 'n hart meer as 'n miljoen vate bloed pomp – genoeg om twee tot vier langafstand olietenkskepe te vul!

Tog, so indrukwekkend soos dit alles is, moet die hart *meer* as 'n blote “pomp” wees om ons aan die lewe te hou. Dit moet “weet” wat die behoeftes van ons liggaam op enige gegewe oomblik is en in staat wees om onmiddellik met verandering in tempo te reageer – met uiterste presiesheid en akkuraatheid – om aan daardie behoeftes te voldoen. Indien dit nie gedoen word nie, sal selfs die eenvoudige handeling om *regop te staan*, disoriëntasie en selfs floute veroorsaak!

Dus, hoe “weet” die hart wat u doen? Om te “besluit” wat ons hartklop op enige gegewe oomblik moet wees, moet dit intelligent inligting uit drie bronne gelyktydig verwerk: Die brein, die hormoonvlakke in ons bloed en die hart se eie *interne* senuweestelsel – met sy eie versameling van ongeveer 40,000 neurone, byna soos die brein se eie neurone!

Saam met sy eie unieke

senuweestelsel, het die hart sy eie *interne kragbron*! Gespesialiseerde bondels neurone in die hart *genereer* elke elektriese impuls wat die spiere laat saamtrek en *reguleer* ook daardie impuls om te verseker dat vloeï deur die spiere vir 'n presiese *fraksie van 'n sekonde* halfpad vertraag word om sodoende die atria en ventrikels te sinkroniseer, een klop na die ander.

### Meer geheime van die hart

Terwyl al hierdie dinge mag klink of ons die menslike hart ten volle *verstaan* – dit *is* een van die mees intens bestudeerde organe in die hele liggaam – bevat hierdie wonder van God se skepping nog steeds so baie raaisels.

In April 2016 het wetenskaplikes van die *University of Waterloo*, byvoorbeeld aangekondig dat dit wil voorkom asof daar 'n soort van korrelasie tussen die hartklop van individue en hulle wysheid bestaan. Hulle het bevind dat individue wie se harttempo 'n wyer variasie handhaaf ook meer geneig was om minder bevooroordeelde uitsprake vanuit 'n derde persoon se standpunt te toon.

Waarom sou 'n mens se hartklop *op enige manier* in verband gebring kan word met wysheid in persepsie en oordeelsvermoë?

Mens word in die versoeking gebring om aan Bybelverse soos Spreuke 2:10-11 te dink: “Want wysheid **sal in jou hart kom**, en kennis vir jou

siel lieflik wees; oorleg sal oor jou wag hou, verstand sal jou bewaak”.

Hoe meer ons nadink oor hierdie verbasende wonderwerk wat in ons borskas klop, hoe meer mag dit dalk sin maak dat God dit sal gebruik om die middelpunt van ons emosies, gevoelens en sorgsaamheid te simboliseer – die middelpunt van ons *lewe*. Buitendien, net soos dit lewensbelangrik is om 'n *fisies* gesonde hart vir goeie gesondheid en 'n lang en aksiebelaaide lewe te onderhou, sê God ook aan ons: “Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe” (Spreuke 4:23).

'n Bio-meganiese pomp van vernuftige ontwerp en 'n inligting-verwerkende masjien wat met verstommende akkuraatheid feitlik onmiddellik reageer – ons lewens is *afhanklik* van hierdie wonderbaarlike gekoördineerde, hoogs “intelligente” stelsel wat sy taak elke dag van ons lewens verrig sonder om te faal.

Wanneer dit nodig word dat u aan die grootheid van God herinner word en hoe Sy liefde vir ons deur Sy ontwerp duidelik word, dink daaraan om u vingers op u pols of nek te plaas en u polsslag vir 'n paar oomblikke te voel – luister na die ritmiese lied wat ons hart voortdurend aan sy merkwaardige Ontwerper sing. Laat elke polsslag wat u voel u herinner dat u werklik “vreeslik wonderbaar” geskape is (Psalm 139:14)! **WVMI**

# London roep

## Verwek of gekloon?

Deur Simon R.D. Roberts

Dolly – bes moontlik die heel bekendste skaap in wêreld-geskiedenis – is 20 jaar gelede op 5 Julie 1996 gebore. Sy was die eerste soogdier wat ooit gekloon is as 'n presiese genetiese weergawe van haar ma en is gesond gebore. Die wetenskaplike gemeenskap en hoofopskrifte in die media het die deurbraak geloof en daarop aanspraak gemaak dat menslike kloning binnekort sou volg. Is daardie vooruitsig iets waaroor die mensdom *verleë* behoort te wees wanneer ons die moontlike gevare in ag neem of bied dit 'n oplossing vir menslike sterflikheid?

Die sedelike dilemma van hierdie moontlike volgende stap het veroorsaak dat baie mense huiwerend daarvoor nagedink het – oor die morele implikasies sowel as die impak daarvan op toekomstige generasies. Wat kan ons 20 jaar ná Dolly se skepping hieruit leer wanneer ons daarop terugkyk?

Die geboorte van Dolly word as een van die belangrikste wetenskaplike deurbrake ooit beskou met die ontwikkeling van nuwe metodes as hoofdoel om diere geneties te verander. Dolly het tegnies drie moeders gehad; een om die DNA te verskaf, een om die eiersel te voorsien en een as 'n surrogaat om die embrio te dra. Bioloë het 'n proses genaamd “somatiese sel kern oordrag” gebruik om 'n lewensvatbare embrio uit 'n

liggaam (somatiese) sel en 'n eiersel te skep met behulp van 'n tegniek genaamd *reproduktiewe kloning*. Die geboorte van Dolly by die Roslin Instituut in Edinburgh, Skotland, was 'n streng bewaarde geheim tot Februarie 1997, toe sy aan die wêreld bekendgestel is.

As 'n media beroemde, het Dolly 'n produktiewe lewe gehad. Sy was die moeder van ses lammers – die eerste was 'n eenling, daarna 'n tweeling, gevolg deur 'n drieling. Sy het artritis in haar latere lewe ontwikkel en is in Februarie 2003 aan 'n progressiewe longsiekte dood. Die siekte is redelik algemeen onder skape wat binnenshuis aangehou word. Dolly was nooit toegelaat om vrylik buite rond te loop nie, omdat gevrees is dat sy “gesteel” sou word. Daar was ook ongegronde spekulasie dat Dolly vroeg dood is, na ses jaar, omdat haar DNA-bron reeds ses jaar oud was toe sy gekloon was. Dolly was die enigste lam uit 277 kloningspogings wat tot volwassenheid oorleef het, 'n suksessyfer wat in die laaste twee dekades dramaties verbeter het namate klonings-tegnieke meer doeltreffend geraak het.

### Die etiek van kloning?

Die hoofdebat sedert Dolly se geboorte het betrekking op die etiek van potensiële menslike kloning – 'n proses wat

reeds met embrio's begin is met behulp van dieselfde proses as Dolly, maar nog nie tot geboorte deurgevoer is nie. Die hoë mislukkingsyfer ontmoedig baie wetenskaplikes om morele redes. Hulle beskou die 1% kans op sukses vir 'n lewensvatbare mens met swak gesondheid as 'n te hoë prys om te betaal. Nogtans beweeg die praktyk van kloning teen 'n toenemende tempo vooruit – 'n verdere voorbeeld van die mensdom se vermoë om kennis uit te brei, so uniek onder alle geskape mense (Daniël 12:4; Génesis 11:6). Hoe kan ons van wetgewers verwag om aan die voorpunt te bly met die regulering van hierdie gevaarlike en moreel sorgwekkende praktyk?

Ten spyte van die probleme, sien sommige wetenskaplikes kloning as 'n doeltreffende hulpmiddel, selfs as 'n potensiële manier om menslike lewe te verleng. Dit behoort ons nie te verbaas nie; per slot van sake is daardie nuuskierige wetenskaplikes na die beeld van God geskape (Génesis 1:26-27) met vrugbare en aktiewe verbeeldings wat gretig is om wetenskaplike moontlikhede te verken, selfs al is dit buite ons menslike kapasiteit of moraliteit om te reguleer. Hierdie wetenskaplikes visualiseer om ons as mense in die latere lewe te kloon en dan op een of ander manier, deur die *brein te karteer*, ons herinnering en ervarings

na 'n jonger replika oor te dra ("*Obama proposes brain mapping project*", *BBC.com*, 2 April 2013). Daarvolgens kan die "jonger self" 'n leeftyd leef voordat dit alles weer oorgedoen word, met reserwe replikas van uself in die vrieskas.

Die V.K. was die afgelope jare aan die voorpunt van genomiese navorsing. In Februarie 2015 het die V.K. die skepping van menslike embryo's met drie biologiese ouers gewettig. Wanneer moeders met 'n bekende genetiese toestand behandeling vir *in vitro*-bevrugting ondergaan, kan hulle 'n deel van hulle mitochondriale genetiese kode met 'n derde persoon s'n vervang, sodat die kind gesond gebore word. Selfs al kom net 0,1% van die genetiese kode van die baba uit 'n ander bron as dié van die biologiese moeder en vader, beteken dit effektief dat die kind die genetiese nageslag van drie ouers is!

In November 2015 berig die *New Scientist* tydskrif dat die nuwe en vinnig vorderende wetenskap van gene-redigering gebruik was om Layla, 'n eenjaar-oue leukemie pasiëntjie van Londen te red. Dokters by *Great Ormond Street Hospital* het die geneties gemodifiseerde immuunselle van 'n skenker gebruik om die kankeragtige selle in Layla se beenmurg dood te maak.

### **"Redigering" van menslike embryo's?**

In Januarie 2016 was die regering van die V.K. die eerste om dit te oorweeg – en as 'n saak van belang goed te keur – om gene-redigering op menslike embryo's toe te laat tot sewe dae

oud, wat dan later vernietig moes word. Hierdie tegnologie is so nuut dat regerings, beleidmakers en etiese kundiges sukkel om tred te hou met hoe om dit te reguleer. Die heel eerste beraad oor Genoom-Redigering het in Desember 2015 in Washington, DC plaasgevind. Daar word gesê dat die kragtige gene-redigeringstegnologie wat as *CRISPR-Cas9* bekend staan, groot belofte inhou om wetenskap te bevorder en siektetoestande te behandel. Die webwerf van *Innovative Genomics Initiative* ('n inisiatief wat gestig is om genoom-redigering te meld): "*Hierdie tegnologie wêk ook kommer en bied komplekse uitdagings, veral as gevolg van die potensiaal om gebruik te word om genetiese veranderinge aan te bring wat op toekomstige generasies oorgedra kan word en daardeur die menslike genoom in te bring*". U oorspronglyn is die genetiese inligting wat u aan u kinders, kleinkinders en nageslag oordra. Sal ons onself kloon en dit waag om 'n gevaarlike genetiese mutasie van ons eie skepping in die menslike genoom in te bring?

Die Skepper-God het ons ontwerp om twee ouers te hê (Génesis 1:27, 28) met die helfte van ons DNA van elkeen afkomstig. Die proses van voortplanting vind na willekeur plaas en bied eindelose moontlikhede vir nuwe lewe by bevrugting. Ons is sekerlik "vreeslik wonderbaar" gemaak (Psalm 139:14). Kloning is aan die ander kant 'n presiese reproduksie van een ouer se sonderlinge DNA, wat nie is hoe

God beplan het voortplanting moet werk nie. Dit was nooit God se bedoeling dat die mens deur kloning van voorafbestaande DNA geskep word nie.

### **God reproduseer Homself!**

Ons as mense is sterflik (Hebreërs 9:27). Sonder Christus sou ons uiteindelijke dood in die gesig moes staar as gevolg van sonde wat ons almal gepleeg het (Romeine 5:12; 6:23). Die Skrif openbaar hoe wonderbaarlik God dit beplan om Homself te reproduseer. Dit vereis ons vrywillige onderwerping, bekering en doop om in wese God se DNA te ontvang. Die apostel Johannes vertel aan ons dat iemand wat deur God verwek is (*gennaos*, dit word gewoonlik verkeerdelik as "gebore" vertaal) wat God se Gees ontvang het – die werklike "saad" (Grieks *sperma*) van God verkry het – nie meer sal sondig nie (1 Johannes 3:9). Ja, wanneer 'n berouvolle individu gedoop is en die Heilige Gees ontvang deur die handoplegging van Christus se leraars, het die verwekking van 'n nuwe skepsel plaasgevind (Handelinge 8:14-17)!

God wil hê dat ons deel van Sy gesin word, 'n proses wat Hy inisieer deur ons met sy Heilige Gees, Sy saad, te verwek. Hy het die wonderlike proses ontwerp waardeur ons fisies voortgeplant word. Die mensdom neem reeds die moeilike en potensieel gevaarlike stappe om homself te kloon, huidige navorsing oortref tans die mylpaal van Dolly reeds by verre. Kloning is egter *nie* die oplossing vir ons sterflikheid nie – God bied op Sy eie, volmaakte manier onsterflikheid aan ons. **WVW**

# Vrae & Antwoorde

## Jesus Christus het nie die Tien Gebooe afgeskaf nie; Hy het dit uitgebrei!

**VRAAG:** Jesus Christus het gesê: “n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê” (Johannes 13:34). Vervang hierdie nuwe gebod die Tien Gebooe?

**ANTWOORD:** Ongelukkig glo selfs baie mense wat hulleself Christene noem dat Jesus se “nuwe gebod” die Tien Gebooe vervang, wat Hyself gehoorsaam het en regdeur Sy bediening aan mense geleer het. Indien ons egter Jesus se onderwysing ondersoek, sal ons die werklikheid van die saak verstaan.

Dit is noodsaaklik om op te let dat Jesus baie duidelik in Sy “Bergpredikasie” aan Sy volgelinge gesê het dat die Tien Gebooe nog van belang is: “Moenie dink ek het gekom om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie” (Matthéüs 5:17-18).

Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het dat Hy gekom het om die Wet te “vervul”? Beteken “vervul” dan “uitwis”? Nee! Jesus se nuwe gebod vervul die Wet ten volle en openbaar 'n geestelike uitbreiding wat Sy dissipels nie voorheen geken het nie. Let daarop dat Jesus in die volgende paar verse die geestelike bedoeling van God se Gebooe uiteengesit het. Moord is 'n sonde, maar haat is die gees van moord en dus ook 'n sonde. Owerspel is 'n sonde, maar so is wellus – die begeerte om egbreek te pleeg (Matthéüs 5:20-28). Ons kan dus sien dat Jesus nie met die Tien Gebooe weggedoen het nie; Hy bevestig dit as 'n integrale deel van Christenskap. Soos Hy inderdaad aan ons gesê het: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooe” (Matthéüs 19:17).

Het Jesus 'n nuwe gebod gegee toe Hy gesê het “dat julle mekaar moet liefhê”? Baie mense is verbaas om te ontdek dat die opdrag “jy moet jou naaste liefhê soos jouself” uit die Ou Testament afkomstig is (Levitikus 19:18).

Wat was dus nuut in Jesus se opdrag om mekaar lief te hê? Let daarop dat nadat Christus die dissipels aangesê het om mekaar lief te hê, Hy dit

opnuut weer beklemtoon en uitgebrei het – hulle moes mekaar liefhê “soos Ek julle liefgehad het” (Johannes 13:34).

Wat maak Jesus se liefde anders? Die bron van Jesus se liefde was die Heilige Gees (Romeine 5:5), wat Christus belof het aan Sy dissipels gegee sal word ná Sy dood en opstanding (Johannes 14:16-17). Daardie selfde nag het Jesus Sy dissipels beveel om “in my liefde [te] bly” (Johannes 15:10). Die goddelike liefde van God sou binnekort in hulle wees om hulle te help om Christus se voorbeeld te volg. Totdat Christus aan hulle die gawe van die Heilige Gees gegee het, kon die dissipels mekaar net liefhê met 'n menslike liefde. Met die Heilige Gees kan Christene mekaar liefhê met die ware liefde van God. Deur hierdie liefde kan ware Christene uitgeken word. “Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Johannes 13:35).

Regdeur Sy lewe op aarde het Jesus Christus gedemonstreer hoe God se liefde waarlik werk. Selfs ten tye van Sy dood het Christus totale liefde vir Sy vyande uitgespreek toe Hy gebid het: “Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie” (Lukas 23:34). Oomblikke voordat Hy Sy “nuwe gebod” uitgespreek het – tydens Sy laaste Pasgamaaltyd voor Sy kruisiging – het Christus die voetewas seremonie ingestel, wat Christene daaraan herinner om lewens van nederigheid, naastediens en liefde te lei. Jesus het voortdurend 'n lewe van gehoorsaamheid aan die geestelike voornemens en doel van God se Wette geleef. Christus se liefde, gehoorsaamheid en geloof in Sy Vader omvat die eerste vier van die Tien Gebooe. Sy liefde, diens en uitgaande besorgdheid vir ander mense omvat die laaste ses van die Tien Gebooe. Inderdaad, soos die apostel Paulus verduidelik, die Wet van God (soos dit in die Tien Gebooe uiteengesit is) lei direk na Christus en Sy liefde (Romeine 10:4). God se Wet en Sy liefde is vir 'n ware Christen onskeibaar! **WVM**

# Keerpunte in

## Die opkoms van wêreldgodsdienste

Waarom is daar soveel verskillende godsdienste in die wêreld? Wat is die bron van hierdie uiteenlopende sienings waarmee daar deur die eeue heen volgehou is? Die Bybel bied insiggewende en unieke antwoorde op hierdie verwarrende vrae, maar dit word vandag grootliks geïgnoreer.

God lei die verloop van die geskiedenis om Sy doel te bereik. “Hy maak nasies groot en laat hulle omkom” (Job 12:23). Dit was te midde van die skielike einde van die Bronstydperk ongeveer 1200 v.C. – een van die ramspoedigste keerpunte in die geskiedenis – dat God die opkoms van die nasie van Israel as 'n lig vir die antieke heidense wêreld beplan het. Die Israeliete het God egter vergeet, Sy Wette geïgnoreer en ander gode gevolg (Jeremia 5:19; 9:13). Dit is as gevolg hiervan dat die tien noordelike stamme tussen 722 - 586 v.C. in ballingskap deur Assirië en die twee suidelike stamme deur Babilon weggevoer is, hulle “lig” het doodgegaan. Dit was egter geen toeval dat die ondergang van hierdie *uitverkore volk* tydens 'n ander belangrike keerpunt in die geskiedenis plaasgevind het nie, een wat betrokke was by die totstandkoming van wêreldgodsdienste.

### Die Aksiale tydperk

Hierdie keerpunt het tydens die middel eeue van die eerste millennium v.C. (900 - 200 v.C.) plaasgevind en word deur sommige geskiedkundiges “die Aksiale tydperk” genoem. Hierdie “deurslaggewende” tydperk getuig van 'n opvallende vlag van intellektuele aktiwiteite wat “'n groot bron van die meeste van ons hedendaagse geloofstradisies geword het” (sien “*The Axial Age*”, [ReligiousTolerance.org](http://ReligiousTolerance.org)). Die Aksiale tydperk het die opkoms van bekende filosofe in Griekeland, die verspreiding van Hindoeïsme, Boeddhisme en Djainisme in Indië, Zoroastrisme in Persië, Judaïsme in Palestina en Confucianisme en Daoïsme in antieke China gesien (“*The Axial Age: 5 Fast Facts*”, [Britannica.com](http://Britannica.com)). Hierdie uiteenlopende geloofstelsels, wat “verrassende ooreenkomste toon ten opsigte van hulle uiteindelijke besorgdheid” oor die betekenis van die lewe, goed en kwaad en wat na die dood gebeur, lyk of dit in afsonderlike dele van die wêreld op ongeveer dieselfde tydstip ontstaan het (*ibid.*). Die bekende Britse skryfster, Karen Armstrong, beskryf hierdie tydperk in die mens se geskiedenis as 'n tyd waartydens “geestelike en filosofiese baanbrekers van 'n heeltiemal nuwe soort menslike

bestaan voorberei het” (*The Great Transformation*, bl. xii).

Geskiedkundiges weet nie regtig wat die vlag van geestelike aktiwiteite tydens die Aksiale tydperk veroorsaak het wat geboorte geskenk het aan godsdienstige en filosofiese stelsels wat vandag nog dominant in ons wêreld is nie. Karen Armstrong gee aan die hand dat dit 'n reaksie op die ongekende geweld van daardie tydperk was. Ander persone beweer dat die opkoms van gelyksoortige idees gedurende dieselfde tydperk te wyte was aan die verspreiding van handel, verstedeliking, wêreldwye handel en die vermeerdering van welvaart (sien “*Axial Age*”, [NewWorldEncyclopedia.org](http://NewWorldEncyclopedia.org)). Ander persone kom ook tot dié gevolgtrekking: “Die byna gelyktydige veranderings in China, Indië, Palestina en Griekeland – lande wat ver van mekaar verwyder was – blyk te merkwaardig te wees om dit as toevallig te aanvaar” (*ibid.*). Trouens, sommige persone beweer dat dié tydperk – toe mense probeer het om antwoorde op die groot vrae van die lewe te vind – eintlik 'n tyd van “goddelike ingryping” was en “'n tydperk waartydens God ... morele waarhede aan die mensdom geopenbaar het”, wat “'n doelbewuste rigtinggewende mag agter die ontplooiing van



# wêreldgeskiedenis

die geskiedenis impliseer” (*ibid.*). Was God dan werklik besig om geestelike waarhede aan die wêreld te openbaar deur middel van hierdie diverse en kompeterende geloofstradisies?

## Uiteenlopende oortuigings

'n Noukeurige blik op die Aksiale tydperk se denkers is insiggewend. In plaas daarvan om deur God gelei te word om universele geestelike waarhede te ontdek, het elke wysgeer sy eie kop en pad gevolg op soek na antwoorde vir die groot vrae van die lewe (*The Great Transformation*, bl. xvii) en daardie antwoorde het mekaar dikwels *weerspreek* (sien “*Roots of Faith*”, *NYTimes.com*, 30 April 2006). Confucius het wyse spreuke van voorgeslagte versamel en geen melding van goddelike inspirasie gemaak nie. Griekse filosowe het op die rasonale menslike verstand vertrou, wat deur mistieke insigte van godsprake aangehelp is.

Terwyl die Boeddha onder 'n boom gemediteer het, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat menslike hebsug die oorsaak van lyding was en die belangrikste doel was om daardie hebsug te blus – dat versuim om dit te doen tot wedergeboorte in 'n menslike, engelagtige of dierlike staat sou lei, afhankende van hoe 'n persoon hom gedurende sy leeftyd gedra het.

Niks hiervan verskyn in die geloofstelsels van Confucius of die Grieke nie. Inderdaad, min godsdienste in die Aksiale tydperk – buiten Judaïsme wat dieselfde tyd in Palestina te voorskyn gekom het – dra enige ooreenkoms met Bybelse monoteïsme of die betekenis van die lewe soos dit in die Bybel geopenbaar word.

Karen Armstrong merk op: “Die meeste filosowe van die Aksiale tydperk het geen belangstelling in leerstellings gehad nie ... Wat die meeste saak gemaak het was nie wat mens geglo het nie, maar hoe mens opgetree het ... Indien mense met vriendelikheid en vrygewigheid teenoor hulle medemense opgetree het kon hulle die wêreld red” (*The Great Transformation*, bll. xiii-xiv). Ongelukkig laat die geestelike strewes van “geestelike en filosofiese genieë” van die Aksiale tydperk ons 'n erfenis van wedywerende wêreld-beskouings en 'n verwarrende verskeidenheid van idees oor die doel van die lewe. Sou dit die werk van 'n alwyse God wees?

## 'n Ander bron

Vandag ontken baie geskiedkundiges en teoloë die historiese toepaslikheid van die Bybel. Op sy beste sien hulle dit as nog 'n mededinger met Confucius, Boeddha en die Griekse filosowe. Die Skrif gee

nogtans 'n *teologiese perspektief* op die geskiedenis wat nie uit enige ander bron bekombaar is nie. In die Bybel word die sleutel-elemente in die geskiedenis vanuit God se perspektief opgeteken. In skrilte kontras met die gees van die Aksiale tydperk wat na menslike redenasies gekyk het, waarsku die Bybel ons: “... steun nie op jou eie insig nie” (Spreuke 3:5). Geleerdes van vergelykbare godsdienste kan spekuleer dat God die universele waarhede aan denkers wat antwoorde van binne hulle eie denke gesoek het tydens die Aksiale tydperk geopenbaar het, maar die Skrif sê dat die Woord van God die bron van waarheid is (Psalm 119:142, 160; Johannes 17:17).

In die lig van botsende idees oor die doel van die lewe wat uit die wedywerende wêreld-beskouings voortspruit wat tydens die Aksiale Era ontstaan het, meld die Bybel bowendien die beginsel: “God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede” (1 Korinthiërs 14:33) – wat daarop dui dat God nie agter die chaotiese uiteenlopendheid van godsdienstige en filosofiese stelsels is wat vandag ons wêreld oorheers nie.

Die Bybel openbaar dat daar 'n ander bron is wat vandag grootliks geïgnoreer word en sê dat “die hele wêreld *in die mag* van die Bose lê” (1 Johannes 5:19), 'n magtige geestelike

wese wat Satan genoem word, na wie meer as een keer verwys word as die “owerste van hierdie wêreld” (Johannes 12:31; 14:30) en die “god van hierdie wêreld” (2 Korinthiërs 4:4), wat die mense van hierdie wêreld verblind en mislei het (Openbaring 12:9). Die mensgemaakte godsdienste wat ons vandag rondom ons sien is die produk van hierdie selfde wêreld. Israel was 'n voorbeeld vir die wêreld (Deuteronómium

4:6). Wanneer ons dus na die belangrike ommeswaai in geskiedenis kyk, wil dit voorkom asof Satan van die ondergang van antieke Israel gebruik gemaak het om alternatiewe godsdienstige en filosofiese stelsels te skep en te versprei, om mense weg te lei van die geopenbaarde geestelike waarhede in die Bybel. Die totstandkoming van wêreldgodsdienste en die godsdienstige verwarring wat ons

vandag sien, is die voort-slepende gevolge van die Aksiale tydperk – 'n belangrike keerpunt in wêreldgeskiedenis. Die Israeliete – God se uitverkore volk – sal egter voortgaan om 'n sentrale rol in die geskiedenis se keerpunte te speel, soos ons in hierdie reeks met die volgende uitgawe van hierdie tydskrif sal sien.

—*Douglas S. Winnail*

## Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

### *Vervolg vanaf bladsy 13 – Sewe sleutels vir gemoedsrus*

het op te eis. “Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God” (Romeine 10:17). Indien u in nederigheid en erns u Bybel, die Woord van God lees, sal Hy u meer geloof gee. Dit is slegs een van Sy vele beloftes aan u. “Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid

ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is” (2 Petrus 1:2-4).

U Bybel bevat honderde beloftes wat God wil hê u moet erken, aangryp en opeis! Ja, Hy het aan ons “die grootste en kosbaarste beloftes” gegee!

Jesus herinner ons daaraan dat ons die geestelike bo die stoflike welvaart behoort te kies. Hy het dit duidelik gestel presies hoe lief God ons het; Hy kan met gemak in al ons fisiese behoeftes voorsien. Om egter hierdie seën te ontvang, moet ons eers God se Koninkryk soek en dan sal aan al ons materiële behoeftes voldoen word. “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie

dinge [al ons fisiese en stoflike behoeftes] sal vir julle bygevoeg word” (Matthéus 6:33).

Wanneer u hierdie Bybelse sleutels in u lewe toepas, sal u in staat wees om die uitdagings te kan hanteer waarvoor ons almal te staan kom. God het beloof dat indien ons ware Christenskap beoefen in alles wat ons doen, ons gemoedsrus kan hê wat “alle verstand te bowe gaan” (Filippense 4:7). In hierdie wêreld van onrus, spanning en gevaar, het u God se gemoedsrus nodig. Maak seker dat u al sewe hierdie sleutels toepas vir u gemoedsrus! **WvM**

**Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik**

Ons weet ook dat God ten volle in staat is om ons vandag in ons menslike liggame te genees, indien dit Sy wil is. Die gewyde seremonie met die neem van die Pasgabrood elke jaar, herinner ons daaraan dat die liggaam van ons Verlosser as 'n offer gebreek was en dat Hy die een is “deur wie se wonde julle genees is” (1 Petrus 2:24; sien ook Jesaja 53:5).

Het u genesing nodig? Verstaan u hoe en waarom God genees? Die *Wêreld van Môre*-skrywer Rod McNair het elders in hierdie uitgawe 'n treffende artikel: “*Waarom genees God?*” geskryf. Lees hierdie bemoedigende artikel en u behoort dan 'n groter waardering as voorheen vir die wonderlike gawe van goddelike genesing te hê.

**Berou en bekering tot gehoorsaamheid**

Wanneer ons gesond gemaak word, is ons vry van 'n fisiese kwaal wat ons geteister het. Indien ons egter na ons ou weë terugkeer waardeur daardie kwaal in die eerste plek veroorsaak is, tot watter voordeel sou die genesing strek? God wil hê dat ons op Hom reageer deur berou tot bekering – deur ons te distansieer van ons ou sondige weë.

Presies wat is berou tot bekering? Die Griekse woord vir “bekering” is *metanoeo* wat beteken om “anders te dink”. Mens moet van sonde bekeer deur anders daaroor te dink. Wat is sonde dan? “Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is

wetteloosheid” (1 Johannes 3:4). Die NV stel dit eenvoudig só: “Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God.” Wanneer u een van die Tien Gebooie oortree, het u gesondig. Soos die apostel Jakobus skryf: “Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word” (Jakobus 2:10-12).

Wanneer ons ons van sonde bekeer, is ons intens jammer dat ons God se Wet oortree het. Ons het nie meer 'n vyandige gesindheid teenoor God en Sy Wet van vryheid nie. Ons het nie meer 'n vleeslike gesindheid wat vyandiggesind teenoor die Wet van God is nie (vgl. Romeine 8:7). Na bekering wil ons in harmonie met God se Wet van liefde wees – die Tien Gebooie. Bekering bring 'n deeglike verandering in ons denke mee en 'n ontvanklikheid vir elke Woord van God. Soos Jesus sê: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4).

Ware bekering is hoegenaamd nie soos die aardse berou wat ons dikwels in diegene sien wat vir hulle misdade of sondes uitgevang word nie. Die berou “om uitgevang” te word, is nie die belydende berou wat ervaar word wanneer die

## **Wat is 'n ware Christen?**

*Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulle self “Christelik” noem! Tog het hulle almal basiese verskille.*

*Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet wat 'n ware Christen is?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

behoefte om te verander besef word en die teenoorgestelde rigting in te slaan nie. "Want die droefheid volgens *die wil van God* werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood" (2 Korinthiërs 7:10).

Let op die eienskappe van goddelike berou: "Want kyk, juis dit, dat julle bedroef geword het volgens *die wil van God* – wat 'n groot ywer het dit in julle gewerk, ja, verantwoording, verontwaardiging, vrees, verlange, ywer, bestraffing. In alles het julle bewys dat julle in die saak rein is" (2 Korinthiërs 7:11).

Indien u gehoor gee aan Jesus Christus – indien u opreg daarna streef om volgens elke

Woord van God te leef en om die vrugte van die Gees in u lewe te dra – sal u daardie goddelike bekering ervaar wanneer u besef dat u skuldig is aan sonde. Christene is deur die bloed van Christus van hulle sondes van die verlede gered; ons word nou gered (2 Korinthiërs 2:15) en ons "sal deur sy lewe gered" word (Romeine 5:10).

My vriende, ek bid dat u op Jesus Christus, die wêreld se toekomstige Koning van die konings en Here van die here sal reageer, in alles wat u dink, sê en doen!

*Richard F. Ames*

# Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!  
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS  
9880**

**of skakel : 058 622 1424  
en meld dat u navraag doen  
oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**